

Die verhouding tussen die waardes en gedrag by christen -
lidmate van die NG Kerk in Johannesburg.

deur

CHRISTOPH THOMAS MÜLLER

NAVORSINGSESSAY

voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die
vereistes vir die graad

MAGISTER PHILLOSOPHIAE

in

PERSOONLIKE INTERPERSOONLIKE EN PROFESSIONELE LEIERSKAP

in die

FAKULTEIT OPVOEDKUNDE EN VERPLEEGKUNDE

aan die

RANDSE AFRIKAANSE UNIVERSITEIT

Studieleier: Prof JC Kok
Medestudieleier: Prof DPJ Smith

Oktober 2004

ERKENNING

- 'n Woord van opregte dank aan my studieleier, Prof JC Kok vir sy geduld en bekwame leiding.
- 'n Woord van opregte dank aan my medestudieleier Prof Dawie Smith vir baie meer as raad met hierdie essay.
- Baie dankie vir my gesin vir hulle ondersteuning.
- Groot en diepe dankbaarheid teenoor my Hemelse Vader wat vir my plek as medewerker in sy Skepping gemaak het.



ABSTRACT

The secondary aim of this study was to assess what are the perceptions of members of the Dutch Reformed Church in Johannesburg concerning their values. They were asked to define the concept values. It was also researched if they differentiate between core values, universal values and values in general. The basis of their values was disclosed. It was also researched if they are aware about what matters most in their lives.

The primary aim of this study was to research the influence of core values on their lives as Christians. It was assumed that they may experience a dissonance between their convictions and their conduct. If this were to be true, what influence could the experience of such a dissonance have on their lives? Personal Interpersonal and Professional Leadership (PPL) has a holistic approach. A broad perspective illuminates the impact of a possible dissonance on the lives of members of the Dutch Reformed Church in Johannesburg.

A qualitative research design was followed. Focus groups shared their views in this matter. The data were collected, compiled and analyzed. Recommendations how to address this phenomenon from the Personal Interpersonal and Professional Leadership approach were suggested, since the existence of an assumed dissonance was confirmed by the data.

OPSOMMING

Die sekondêre oogmerk van hierdie studie is om die persepsies van Christene wat lidmate van die NG Kerk in Johannesburg is, ten opsigte van hul waardes, te ondersoek. Hulle is gevra word om die konsep – waarde - te deffinieer. Verder is daar ook vasgestel of hulle onderskeid maak tussen kernwaardes, universele waardes en algemene waardes. Daar is ook vasgestel wat onderliggend aan die waardes wat hulle huldig is. In die navorsing is ook gepoog om vas te stel of hulle bewus is van kernwaardes in hulle lewens.

Die primêre fokus van die studie is om die invloed van waardes op hulle lewe te ondersoek. Daar is vermoed dat by die lidmate 'n dissonans mag bestaan tussen die waardes wat hulle huldig en hulle gedrag. Indien dit wel so sou wees, sou daar gepoog word om vas te stel wat die invloed daarvan op hulle lewe is. Persoonlike, Interpersoonlike en Professionele Leierskap het 'n holistiese vertrekpunt. Hierdie perspektief werk verhelderend mee om die impak op die lewens van die lidmate beter te verstaan.

'n Kwalitatiewe navorsingontwerp is gevolg. Daar is deurmiddel van fokusgroeponderhoude data versamel. Hierdie data is gekompileer en geanaliseer. Die bestaan van 'n dissonans is bevestig. Daar is vanuit PPL aanbevelings gemaak om NG Kerklidmate in Johannesburg bedag te maak op die impak van 'n moontlike dissonans en hoe om dit te hanteer.

INHOUDSOPGAWE

ERKENNING	i
ABSTRACT	ii
OPSOMMING	iii
INHOUDSOPGAWE.....	iv
LYS VAN FIGURE	vi
HOOFSTUK 1: INLEIDING	1
1.1 AGTERGROND	1
1.1.1 Die aanloop tot die studie	1
1.2 PROBLEEMSTELLING	5
1.2.1 Navorsingvrae	5
1.3 DOELSTELLING	6
1.4 NAVORSINGONTWERP	7
1.5 NAVORSINGSTRATEGIE EN -METODOLOGIE.....	7
1.5.1 Navorsingstrategie.....	7
1.5.2 Navorsingmetodologie.....	8
1.5.2.1 Beskrywend	8
1.5.2.2 Verkennend	8
1.5.2.3 Kontekstueel	9
1.5.2.4 Geldigheid en Betroubaarheid	10
1.6 VERLOOP VAN DIE STUDIE	11
HOOFSTUK 2 : BEGRIPVERHELDERING	12
2.1 ORIËNTASIE	13
2.1.1 Wat word bedoel met woord- en konsepanalise ?.....	13
2.2 PERSEPSIES	14
2.3 BEGINSELS	14
2.4 WAARDES	15
2.4.1 Waardes in breër terme	16
2.4.2 Christelike waardes	17
2.5 DISSONANS	19
2.6 GEDRAG	20
HOOFSTUK 3: DIE NAVORSINGPROSES: KWALITATIEWE NAVORSING.....	22
3.1 WAT IS KWALITATIEWE NAVORSING ?	22
3.2 FOKUSGROEPONDERHOUDE	22
3.2.1 Vereistes vir fokusgroeponderhoude	22
3.2.2 Seleksie van die fokusgroepe	23
3.2.3 Fokusgroeponderhoud vrae	24

3.3	FOKUSGROEP DATA-ANALISE	25
3.4	GROEPERING VAN DIE GEANALISEERDE DATA	26
3.5	BETROUBAARHEID EN GELDIGHEID	30
HOOFSTUK 4: BEVINDINGE VAN DIE FOKUSGROEP- ONDERHOUDE EN MOONTLIKE PPL ANTWOORDE DAAROP		32
4.1	Oriëntasie	32
4.2	BEVINDINGE EN TERUGVOER	33
4.2.1	Wat is waardes ?	33
4.2.2	Bestaan daar universele waardes ?	33
4.2.3	Wat is onderliggend aan die waardes wat lidmate huldig ?...	34
4.2.4	Wat is die rigsnoer wat Christene gebruik wanneer hulle hul waardes evalueer ?	34
4.2.5	Kan daar na meer spesifieke gedeeltes in die Bybel verwys word ?	35
4.2.6	Is dit maklik om by die waardes te hou ?	35
4.2.7	Wat maak dit maklik of moeilik om by die waardes te hou ?...	35
4.2.8	Hoe voel ons wanneer ons 'n dissonans tussen wat ons weet en wat ons doen beleef ?	36
4.3	'n PPL PERSPEKTIEF OP DIE FENOMEEN	37
4.3.1	Realiteit bewusmaking	37
4.3.2	Persoonlike Leierskap	38
4.3.3	Interpersoonlike Leierskap	39
4.3.4	Dimensionele Impak	40
4.3.5	Beginselgesentreerde Leierskap	43
4.3.6	Keuses	44
4.3.7	"Begin with the end in mind"	45
HOOFSTUK 5: SAMEVATTING KERNBEVINDINGS GEVOLGTREK- KINGS AANBEVELINGS EN VERDERE NAVORSING		46
5.1	SAMEVATTING	46
5.2	KERNBEVINDINGS	47
5.3	GEVOLGTREKKINGS	48
5.4	AANBEVELINGS	49
5.5	VERDERE NAVORSING	50
5.6	SLOTPMERKINGS	51
APPENDIX A : TRANSKRIPIES VAN FOKUSGROEPONDERHOUDE		52
BIBLIOGRAFIE		64

LYS VAN FIGURE EN TABELLE

FIGURE

Figuur 1	Primêre vlakke van die Piramide van Leierskap	38
Figuur 2	Dissonans – “Dis-ease” voorstelling	41
Figuur 3	Ellis se “Power of choices” en Covey se “Proactive” Model.....	42

TABELLE

Tabel 1	Gekompileerde temas	26
----------------	----------------------------------	-----------



HOOFSTUK 1

INLEIDING.

1.1 AGTERGROND

1.1.1 Die aanloop tot die studie.

Die kompleksiteit van die mens as die kroon van God se skepping enersyds en die uitdagings van die leewêreld waarin die mens hom bevind andersyds, maak dat die opdrag van Genesis 1: "Onderwerp die aarde en heers daaroor", nie 'n blote kousale proses is wat binne 'n enkelvoudige meganisties-deterministiese baan beweeg nie. Volgens die fenomenologiese antropologie word dit ten eerste erken dat een van die antropologiese kenmerke van die mens is dat hy 'n waardewese is. Dit beteken dat die mens hom gedra ooreenkomstig die stel waardes wat hy huldig. Waardes lê veral ingebed in kulturele en godsdienstige oortuigings. Christene identifiseer hulleself veral aan die hand van sogenaamde kernwaardes van die Christelike geloof. Hierdie waardes is koersaanduidend vir hulle gedrag. Tweedens word gestel dat die mens nie net 'n waardewese is nie, maar ook oor die vermoë beskik om keuses uit te oefen, wat in sy of haar gedrag manifesteer. "Between stimulus and response, man has the freedom to choose" (Covey, 1992:70). Victor Frankl het hierdie kenmerk van die mens om te kan kies as die laaste van alle menslike vryhede beskryf (69). 'n Mens kan gevolglik opsies uitoefen, naamlik of hy aan die hand van die stel waardes waarmee hy opgegroeï het, binne 'n bepaalde kultuur of godsdienst, gaan lewe of nie.

Wetenskapsbeoefening stel as een van sy oogmerke om 'n bepaalde verskynsel wat in die samelewing as 'n alledaagse verskynsel mag manifesteer, te ondersoek en te beskryf. Omdat dit binne die raamwerk van wetenskapsbeoefening geskied, moet dit georden en sistematies wees.

As dit dan gestel word dat mense - in die konteks van die studie, naamlik NG Kerklidmate in Johannesburg - hulle behoort te gedra ooreenkomstig die

waardes wat hulle as Christene huldig, maar ter selfdetyd ook kan kies hoe hulle daarop wil reageer, sou die vraag kan ontstaan: Wat is die verwantskap tussen die kernwaardes wat mense huldig en hulle uiteindelijke gedrag as gevolg van die keuses wat hulle maak? Indien hier dan wel 'n dissonans tussen die gehuldigde waardes en ooreenkomstige gedrag ontstaan, hoe sou dit moontlik verklaar kon word?

Die vraag mag regtens gevra word, wat motiveer die navorser om na 'n bepaalde verskynsel te kyk? Dit mag in opdrag wees, ten einde 'n bepaalde probleem aan te spreek en 'n moontlike verklaring vir 'n bepaalde probleem daar te stel, of dit kan selfgeïnisieerd wees (Mouton, 1996:36).

Die behoefte aan hierdie betrokke studie het ontstaan vanuit die hipotese dat NG Kerklidmate in Johannesburg 'n dissonans beleef tussen die waardes wat hulle huldig en hulle gedrag. In die Persoonlike-, Interpersoonlike- en Professionele Leierskap konteks (PPL-konteks) word hierna verwys as die gaping tussen ware noord- en realiteitswaardes. Hiermee word bedoel dat ware noord die ideale waardes daar stel. Dit waarna gestreef word. Terwyl realiteitswaardes, die waardes is wat in die leefwêreld elke dag uitgeleef word.

PPL neem as vertrekpunt dat die mens kan kies en daarmee saam verantwoordelikheid vir sy keuses kan en moet neem. "Acknowledge and accept accountability for your life. Understand your role in creating the results that are your life. Learn how to choose better so you have better" (McGraw,1999:56). Verder is die vertrekpunt dat elke mens beginsel- gesentreerd behoort te lewe. "Everything is seen through principles...Your security comes from them. It comes from within yourself. You're principle centred" (Covey,1992:45). Met ander woorde 'n "van-binne-na-buite-houding" moet openbaar. Cashman praat van "Inside-out" (2000:20). 'n Mens sal na gelang van sy diepste innerlike oortuigings dienooreenkomstig optree. Dit mag daartoe aanleiding gee dat NG Kerklidmate inkongruensie in hulleself mag ervaar, wanneer daar 'n gaping ontstaan tussen gehuldigde waardes en gedrag. Dit plaas die geloofwaardigheid van een of meer van hulle

kernwaardes, hulle integriteit, hulle geloof en hulle gedrag op die spel. Die gevolg daarom kan dus wees dat daar by hulle 'n innerlike konflik mag ontstaan tussen wat hulle as kernwaardes huldig en hulle gedrag.

Daar is tans weinig inligting in die literatuur beskikbaar wat hierdie aspek aanspreek. Die vraag kan met reg gevra word, waarom die tema nie alreeds nagevors is nie? Dit is nie binne die skopus van hierdie studie om die vraag volledig te beantwoord nie, hoewel vermoedens wat daarvoor mag bestaan aangedui kan word. In die volgende paragraaf word vir 'n wyle hierby stilgestaan. Wat wel aan die orde is, is dat die uitdagings vanuit die samelewing al meer op 'n persoonlike vlak na Christene teruggekaats word om wat bely en geglo word, uit te leef.

Die samelewing waarin Christene hulle tans in Suid Afrika bevind, het buitengewone skuiwe gemaak in terme van persepsies en strukture wat as bakens van die Christelike geloof gesien is. Ernstige vrae word gevra oor die gesag van die Bybel, die aanspraak van die kerk om eensydige uitsprake oor etiese kwessies soos die doodstraf, genadedood, aborsie en homoseksualiteit te maak. Die NG Kerk en sy twee susterskerke word uitgesonder as die teologies-funderende basis vir Apartheid. Die NG Kerklidmate veral het hierdie skuiwe toenemend begin beleef. Die grootste skuif het gekom, weg van 'n "societas" omgewing na 'n "communitas" omgewing. Met "societas" word dan verstaan, daar waar verhoudinge wyd en oppervlakkig was en strukture voorrang geniet het bo verhoudings. Baie van die geborgenheid wat lidmate beleef het was geleë in die struktuur van die kerk waartoe hulle behoort. Dit was dus 'n eksterne bron van geborgenheid. Die skuif het nou plaasgevind na 'n "communitas" omgewing, waar verhoudinge voorrang geniet en dit nie meer wyd en oppervlakkig is nie, maar eerder nouer en dieper. Van die strukture het vervaag en selfs ophou bestaan. Lidmate is nou voor die uitdaging geplaas om te wys tot watter mate hulle 'n innerlike geborgenheid beleef (Burger, 1995:30). Kritiese vrae rakende hulle innerlike oortuigings ten opsigte van hul geloof, word aan die kerk sowel as die gelowige self gevra. Dit het tot gevolg gehad dat baie lidmate wat deel van 'n "societas" samelewing was die kerk nou ontgroeit het. Hierdie houding dui op

'n pragmatiese ingesteldheid wat by lidmate bestaan het, wat kerklidmaatskap (in 'n sosietaas omgewing) as voorwaarde vir erkenning, in die beroeps- of kulturele omgewing gesien het. In die nuwe Suid Afrika het hierdie sogenaamde voorwaarde van kerklike lidmaatskap en veral leierskapsrolle binne die kerk, vir erkenning in die samelewing verval.

Baie NG Kerklidmate bevind hulle in transito en moet besluit of hulle die kerk verlaat al dan nie. Hierdie fenomeen, naamlik om uit georganiseerde godsdienstige pad te gee is egter nie net eie aan die Suider Afrikaanse geloofsgemeenskap nie, maar is universeel. 'n Opname onder kerkgangers in die VSA dui daarop dat "Even churchgoers have a growing dissatisfaction with organized religion. ...59 percent (of those surveyed) think the church spend too much time on organisation" (Hafen, Karren, Frandsen & Smith,1996:393). In Europa verlaat 35 000 mense weekliks die kerk. "Talle gelowiges voel nie meer in die kerk tuis nie" (Nel,2003:5). Talle mense is teleurgesteld met die kerk. Soveel so dat hulle nie meer kans sien om deel van die kerk te wees nie. Hierdie migrasie is nie noodwendig uit die kerk uit nie, maar mag ook 'n migrasie na 'n ander denominasie wees. Hoe dit ookal sy, die wêreld sien die prosesse binne die kerk raak en vra na die verwantskap tussen waardes en gedrag by Christene. Die vermoede bestaan dat baie NG Kerklidmate self onseker hieroor is en dat daar verwarring mag bestaan tussen geloofswaardes, institusionele (kerklike) waardes en gedrag. Dié studie wil die saak ondersoek.

In die aanpak van die studie word daar 'n onderskeid getref tussen waardes en beginsels. Die onderskeid sal later duideliker uitgespel word. Verder word daar ook 'n onderskeid getref tussen die waardes wat 'n mens huldig en die kernwaardes waaraan mense hulle verbind. Kernwaardes verwys hier voorlopig na daardie waardes wat elke individu gebruik om vanuit 'n van-binne-na-buite-houding hom of haarself te gedra (Cashman,2000:20). Dit is daardie stel waardes wat 'n persoon se diepste oortuiging onderlê. Daar sal in die studie ook stilgestaan word by sekere aspekte van menslike gedrag, soos vryheid van keuse, kondisionering en verantwoordbaarheid vir gedrag.

1.2 PROBLEEMSTELLING

Wanneer daar vanuit die fenomenologie na die optrede van NG Kerklidmate gekyk word, bring dit wat waargeneem word 'n verskeidenheid van houdings en standpunte van die lidmate onder die oog. Die kerk word deur al die eeue heen as een van die samelewing se belangrikste koersaanduiders gesien. Die invloed van die kerk deur die eeue heen kan nie negeer word nie; ongeag of die invloed ten goede of ten kwade was. Wat tans in veral die Westerse wêreld waargeneem word, is dat die kerk al meer deur die samelewing waarbinne dit funksioneer op die periferie uitgeskuif word. Daar sou met reg gevra kan word waarom? Het die kerk nie meer 'n boodskap vir die mens van vandag nie? Of is die eietydse mens iemand wat die kerk ontgroeit en daarmee saam het sy behoefte aan kerklidmaatskap of kerklike betrokkenheid afgeneem. Of, is dit wat die kerk van sy lidmate verwag, meer gevra as dit wat hulle kan vermag? Waarom kies mense doelbewus om nie meer lidmaatskap van 'n kerk te geniet nie, hoewel hulle nog 'n behoefte –selfs groeiende behoefte– aan geloofservaringe het? Verskil die waardes wat die kerk huldig en dit wat in die samelewing uitgeleef word dalk soveel, dat die kerk nie meer 'n waarde appèl kan maak op die gedrag van mense in die samelewing nie?

Dit wil voorkom of daar 'n dissonans tussen toegewyde lidmate van die NG Kerk se kennis en die uitlewing van die kernwaardes van die Christelike geloof bestaan. In gesprekke met enkele predikante in Johannesburg en omgewing word die observasie van sodanige dissonans bevestig. Uit 'n voorlopige literatuurstudie kon daar nie voldoende inligting verkry word om genoemde observasie te verklaar nie. Daar kon ook nie inligting opgespoor word wat die toegewyde NG Kerklidmate se belewing van hierdie dissonans beskryf nie.

1.2.1 Navorsingvrae

Gegewe die onderstaande doelstelling is die navorsingsvrae van die studie dus soos volg:

1. Wat is die toegewyde NG Kerklidmate se persepsie van die kernwaardes van hulle geloof ?
2. Hoe leef die lidmate hierdie kernwaardes na hulle oordeel uit ?
3. Beleef toegewyde NG Kerklidmate 'n dissonans tussen hulle persepsie van die Christelike kernwaardes en hulle daaglikse uitlewing daarvan – wat sal die redes daarvoor wees al dan nie ?
4. Waaraan word hierdie dissonans, indien hulle dit wel so beleef, toegeskryf?
5. Wat is die Persoonlike, Interpersoonlike en Professionele Leierskaps-perspektief op die vermeende dissonans en wat kan vanuit 'n PPL perspektief voorgestel word om die probleem aan te spreek ?

1.3 DOELSTELLING

In die lig van die probleemstelling is die doel met die studie *om toegewyde NG Kerklidmate se persepsie van die kernwaardes van die Christelike geloof na te vors en om te bepaal of hulle 'n dissonans tussen hulle kernwaardes en die uitlewing daarvan beleef en wat die aard daarvan is.*

Vervolgens word daar met die studie ook gepoog om vas te stel of die beleving van die dissonans geleë is in lidmate se kennis en persepsies van die waardes en die daaglikse uitlewing daarvan al dan nie. Indien wel, sal gepoog word om dit wat hulle as 'n dissonans beleef, te beskryf. Daar sal dan gepoog word om vanuit 'n PPL perspektief, riglyne aan predikante en kerkrade vir die bediening van NG Kerklidmate- en riglyne vir persoonlike leierskap te gee.

Dit is 'n bron van kommer dat die veronderstelde rolmodelle van die NG Kerk, leraars, kerkraadslede en prominente lidmate, self nie daarin slaag om die Christelike geloofsvoorskrifte bevredigend uit te leef nie. Die vraag ontstaan deels waarom dit so is en hoe hierdie lidmate die dissonans beleef?

1.4 NAVORSINGONTWERP

Die vraag wat hier beantwoord moet word, is hoe die navorsing beplan word ten einde by geldige bevindings uit te kom? 'n Duidelike navorsingsontwerp begelei die navorser deur die proses. Die doel is om die navorsingsprojek so te beplan dat die uiteindelijke geldigheid van die navorsingsbevindinge verhoog word. Volgens Mouton en Marais is daar vyf stappe wat gevolg moet word. 1) Die keuse van die navorsingsontwerp. 2) Probleemformulering. 3) Konseptualisering en operasionalisering. 4) Data insameling. 5) Analise en interpretasie van die data (1985:32).

In die proses moet die navorser bedag wees op enige vooroordele, foute of aansprake, wat die geldigheid van die navorsing in die wiele kan ry. "To understand the essence or structure of an experience, the researcher temporarily has to put aside...personal attitudes or beliefs about the phenomenon" (Merriam,2002:7).

1.5 NAVORSINGSTRATEGIE EN METODOLOGIE.

1.5.1 Navorsingstrategie

Die vraag wat hier beantwoord moet word, is watter strategie gaan die navorser volg om by geldige bevindinge uit te kom? "A research strategy is a broad, overarching plan of action, dealing with the HOW of research. 'Strategos' (in Greek) means 'general'. Therefore, a research strategy is the general, the strategic plan which directs methods and techniques to be followed in order to achieve a goal" (Smith,1995:18). Uit hoofde van die doel en die aard van die navorsingsprobleem is daar besluit om 'n hermeneuties fenomenologiese navorsingsstrategie te volg. "This approach aims to understand and interpret the meaning that subjects give to their everyday lives" (De Vos,2002:273). "Phenomenology is concerned with the essence or the basic structure of the phenomena...Uses data that are the participants and the investigators first hand experience of the phenomenon" (Merriam,1998:13).

1.5.2. Navorsingmetodologie

Hoe word daar beplan om bogenoemde strategie te implementeer? Die navorsingsmetodologie wat gevolg word is kwalitatiewe navorsing. Gevolglik mag bevindinge waarby uitgekóm word, slegs patrone van gedrag beskryf en antisipeer. Die metode wat gevolg gaan word om hierdie data te bekom, is om deur middel van fokusgroeponderhoude data te versamel. Sodanige data sal dan in die loop van die studie beskrywend, verkennend, en kontekstueel verwerk word ten einde die data te begryp en aan te wend.

1.5.2.1. Beskrywend.

Ten aanvang word hier verwys na die onderskeid wat Windelband in 1984 gemaak het tussen nomotetiese (Grieks: Nomos. Wettestellend) en ideografiese navorsingsstrategieë. Nomoteties: 'n werkswyse om gemeenskaplikhede of ooreenkomste tussen die verskynsels uit te lig. Ideografies, beklemtoon dit wat onderskeidend en uniek aan 'n situasie of gebeurtenis is. (Mouton en Marais, 1985:48-49). Die beperkte omvang van 'n navorsingsessay noop die navorser om te hou by 'n nomotetiese vertrekpunt. Die fenomeen van 'n moontlike dissonans tussen Christene se gehuldigde waardes en gedrag moet vasgestel en beskryf word. Kwalitatiewe navorsing is evaluerend van aard, maar wil ook wat bevind is, blootlê en beskryf. Alvesson en Sköldbërg beskryf dit as "the study of everyday knowledge" (2000:39). Dit word vermoed dat hoewel die navorsingsprobleem redelik voor die handliggend mag voorkom, dit tot op hede baie beperk aangespreek of beskryf is. Meer gefokusde navorsing sal persepsies rondom die probleem kan verhelder. Daar bestaan 'n werklike behoefte om die fenomeen duideliker te beskryf. Dit mag tot gevolg hê dat die impak hiervan op die lewens van Christene in konteks gesien sal kan word. 'n Omvangryke beskrywing van die fenomeen "dissonans" in hierdie verband mag aanleiding gee tot meer daadwerklike optrede om die probleem aan te spreek.

1.5.2.2. Verkennend.

Vanuit die beperkte omvang van die studie kan daar bloot verkennend te werk gegaan word. Daarom sal in die bevindinge van die studie nie gepoog word om meer as verkennende resultate vir moontlike verdere navorsing daar te

stel nie. Dit is daarom nie 'n oogmerk van die navorsing om by gedetailleerde of kwantitatiewe bevindinge uit te kom nie, maar bloot om begripsverhelderend en beskrywend te werk te gaan met data wat by wyse van fokusgroeponderhoude versamel is.

1.5.2.3. Kontekstueel

Uit hoofde van die aard van die navorsingsprobleem, is dit ook voor die hand liggend dat die studie baie duidelik binne 'n afgebakende konteks, naamlik die leefwêreld van Christene, tuiskom. Hoewel die problematiek van die studie ingebed lê in die breër fenomeen van gehuldigde waardes en die ooreenkomstige gedrag of verwagte gedrag, is die studie tog duidelik afgebaken. "The investigator wants to discover, understand and gain insight and therefore must select a sample from which the most can be learned" (Merriam in Murdoch, 2002:19). Die konteks is die NG Kerk in Johannesburg.

Die waardes ter sprake is die Christelike kernwaardes van 'n bepaalde groep gelowiges naamlik Christenlidmate van die NG Kerk in Johannesburg. Die konteks waarbinne die studie gedoen word val dus binne die konteks van die Christelike geloof. Die vermoede bestaan tog dat bevindinge in dië verband 'n eksterne geldigheid mag hê. Interne geldigheid verwys na werklikheidsgetroue bevindinge wat oor 'n betrokke fenomeen en domein gemaak word. Eksterne geldigheid beteken dat bevindinge van 'n betrokke fenomeen en domein, veralgemeen mag word tot soortgelyke gevalle (Smith, 1989:30).

Ten einde duidelikheid oor die tema te bevestig is dit nodig om die terrein van die studie te begrens. Omdat daar in die studie gefokus word op NG Kerklidmate se persepsies van hulle geloofswaardes en hoe dit hulle gedrag beïnvloed, word op kernbegrippe gefokus wat die veld van die studie afgrens.

Met die analise van die kernbegrippe of konsepte word daar gepoog om die belangrike begrippe wat in die studie na vore tree, binne die konteks van die studie te operasionaliseer. Daar word veral in die tweede hoofstuk breedvoerig aandag aan die begrippe gegee.

Daar sal dan gepoog word om vas te stel of daar sprake van 'n dissonans tussen lidmate se waardes en gedrag is. Daar sal ook gekyk word hoe die lidmate hierdie verhouding, tussen waardes en gedrag, beleef. Daar sal dus ook gepoog word om hulle belewenis van moontlike dissonans (al dan nie) te beskryf en moontlike riglyne vanuit die PPL konteks aan te bied waarvolgens hierdie probleem, indien dit bestaan, aangespreek kan word.

1.5.2.4 Geldigheid en Betroubaarheid

Wanneer is navorsing wetenskaplik en regverdigbaar? Wanneer dit geldige en betekenisvolle navorsing is. Merriam (2002:25-29) maak onderskeid tussen interne en eksterne geldigheid in die navorsingsproses. Verwysend na interne geldigheid as die kongruensie wat bestaan tussen bevindinge en die werklikheid. Meet die navorser wat hy dink hy meet? Eksterne geldigheid verwys na die mate waartoe bevindinge veralgemeen kan word. Merriam maak die navorser daarop bedag dat dit baie moeilik is om te veralgemeen, as gevolg van die uiteenlopende lewens- en wêreldbeskouings wat bestaan (2002:28). Millar en Dingwall (1997:25) wys daarop dat dit baie belangrik is dat die navorser sowel as die respondente in die studie vertrouwe moet hê dat die waarnemings geldig is en dat die resultaat vanuit betroubare data verhaal is. In die studie sal daar na die groepe teruggegaan word om die data te bevestig.

Die vraag na die geldigheid van enige navorsing kan met reg gevra word. Die antwoord hierop kan begin met die motivering vir die studie. 'n Studie se geldigheid verhoog wanneer die navorsingsontwerp deeglik beplan uiteengesit en nagevolg is (Smith, 1995:4). Die waarneming moet noukeurig sistematies en gekontroleerd gedoen wees. Waarnemings moet behoorlik getoets word en in beginsel deur 'n ander navorser aan hertoetsing onderwerp kan word. Waarneming op skrif moet aan die eise van duidelikheid en verstaanbaarheid voldoen. Die navorsing moet die leser oortuig van 'n teoretiese begroning wat aansluit by ander relevante teorieë. Elke faset van die studie moet aan die vereiste van geldigheid en betroubaarheid voldoen. Dit moet aan die werklikheid getrou wees. Hierdie eis lê inherent in elke stuk

navorsing wat gedoen word. Dit verwys na “the quality of various conclusions one might reach based on a research project” (Trochim,2002).

Watter toetsstene vir geldigheid sal vir hierdie studie aangelê word?

Ten opsigte van interne geldigheid maak die navorser staat op triangulasie en “member checks” (Merriam,1998:204). Die navorser moet ook sy eie vooroordeel op die tafel plaas. Geen studie kan ooit aanspraak maak op absolute objektiwiteit nie, maar hoe meer die navorser bedag is op eie vooroordele hoe meer geldig is die bevindinge wat gemaak word.

1.6 VERLOOP VAN DIE STUDIE.

In die tweede hoofstuk sal veral gepoog word om die kernkonsepte van die studie by wyse van woord- en konsepanalise aan die hand van ‘n literatuurstudie te omskryf. Daar sal deur middel van ‘n literatuurstudie inligting versamel word wat veral op die konseptualisering van sekere kernbegrippe in die studie sal fokus. Deur hierdie kernbegrippe in die studie te operasionaliseer sal gepoog word om vas te stel wat lidmate van die NG Kerk se persepsies van die waardes en die verhouding tussen hulle geloofswaardes en hulle gedrag is.

Verder word daar ook inligting vanuit die leefwêreld van die lidmate versamel deur kwalitatiewe navorsing te doen deur met fokusgroepe onderhoude te voer. Die fokusgroepe sal bestaan uit NG Kerklidmate wat aktief meelewend in hulle gemeentes is. In hoofstuk drie sal die proses van die fokusgroeponderhoude en die vrae wat met kwalitatiewe navorsing gebruik word aan die orde gestel word, asook aangedui word hoe die data geanaliseer sal word om tot geldige gevolgtrekkings te kom.

In hoofstuk vier sal die terugvoer van die fokusgroeponderhoude gekategoriseer word. Indien dit nodig blyk te wees, kan hier strategieë vir die interne geldigheid van die studie ingebring word deur terug te gaan na die fokusgroepe en die inligting te verifieer (member checks –Merriam,1998:204). Met die studie is die interne geldigheidstoets van triangulasie ter sprake. ‘n

Kundige ten opsigte van kwalitatiewe navorsing sal die analyses, kategorisering en interpretasies van die data verifieer.

In hoofstuk vyf sal 'n opsomming van die bevindinge en aanbevelings van die studie gemaak word. Hier sal 'n terugskou op die studie gegee word en die moontlike aanbevelings ten opsigte van die bediening aan die NG Kerklidmate gemaak word. Verder sal daar veral vanuit 'n persoonlike leierskapspektief aan lidmate riglyne gestel word om sodanige dissonans te herken en aan te spreek. Indien moontlik kan daar selfs gepoog word om lidmate te help om gepaardgaande spanning van sodanige dissonans te verlig. Die feit dat PPL 'n holistiese benadering handhaaf, mag aan lidmate nuwe perspektiewe bied om hulle waardes en optrede in lyn te bring.



HOOFSTUK 2

BEGRIPVERHELDERING

2.1 ORIËNTASIE

Bykans elkeen van die kernbegrippe wat in die studie aangespreek word, het 'n baie wye semantiese betekenis en toepassingsveld. Ten einde duidelikheid oor die begrippe te verkry en ook die fokus van die studie te bevestig, word die kernbegrippe nou in hierdie hoofstuk aan die orde gestel. Om die leser te oriënteer ten opsigte van die wyse waarop die kernbegrippe verstaan en in die studie hanteer word, is dit nodig om meer breedvoerig by elkeen stil te staan. Die begrippe wat uitgelig word, is ook begrippe wat as struktuurdraers van die studie ingespan word.

Deur woord- en konsepanalities te werk te gaan, wil daar gepoog word om elke kernbegrip duidelik te omskryf en binne die konteks van die studie te operasionaliseer. Hierdie hoofstuk moet ook daartoe bydra dat die konteks van die beoogde studie duidelik uitgespel word.

2.1.1 Wat word bedoel met woord- en konsepanalise?

Woordanalise beteken dat die letterlike betekenis van die woord blootgelê moet word. Dit is die woordeboek of leksikale maar ook etimologiese betekenis van die woord. Daar moet eweneens nagegaan word hoe en met watter inhoud hierdie begrippe in ander soortgelyke wetenskaplike geskryfte gebruik is. Woordanalise gaan in die studie konsepanalise vooraf.

Konsepanalise wil die besondere woord in sy verskillende betekenisse verstaan. Elke abstrakte konsep word daarom binne 'n konteks gesien en beskryf. In die studie sal die konsep "waardes" daarom binne sy gebruiks- en werksdefinisies geoperasionaliseer moet word.

Die kernbegrippe wat in die studie aan die orde gestel word sluit in: Persepsies, beginsels, waardes, dissonans en gedrag.

2.2 PERSEPSIES

Persepsies verwys na 'n vooropgestelde houding van 'n persoon wat die inligting wat ontvang word subjektief dekodeer. Dit is die "bril" wat elke persoon op het wat sy wêreld kleur." It should be stressed that meaning is something 'invented' 'assigned' 'given' rather than something 'received' " (Barlund,1970,88). Hierdie opmerking dui op die impak wat persepsies kan hê wanneer inligting verwerk, begryp en uiteindelik beleef word.

Die verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (HAT) verwys na persepsies as, "Die opneem van indrukke in die bewussyn: ook die resultaat daarvan" (HAT,1994:798). Persepsies, skryf Covey, is begrond in ons houding en oortuiging of vooronderstellings oor 'n saak (Covey,1992:23 ev.). Verder verwys Toch en McLean daarna dat beide die waarnemer en die wêreld aktief is in die daarstel van 'n persepsie. Hulle verwys na die proses as "transactional perception" (Severin en Tankard,1992:58). Die wetenskap het bewys dat persepsie van 'n situasie in elke persoon se gemoed baie meer is as wat bloot sintuiglik ervaar word. Uiteindelik moet erken word dat die aard en vorming van 'n persepsie baie kompleks is en dat die laaste woord daarvoor nog nie gesê of geskryf is nie.

Vir die doeleindes van hierdie studie word persepsie gedefinieer as: "Perception is influenced by a number of psychological factors, including assumptions based on past experiences (that often operate at an almost unconscious level) cultural expectations, motivations (needs) moods and attitudes" (Severin Tankard,1992:56-7). Met hierdie verwysing in aggenome word persepsies verstaan as daardie indrukke wat 'n persoon se eie oortuigings onderlê en hom vanuit sy persoonlike paradigma laat waarneem, verstaan en ooreenkomstig laat optree.

2.3 BEGINSELS

Beginsel, volgens die Handboek van die Afrikaanse Taal (HAT), dui op die eenvoudigste eienskap, grondslag, of grondbegrip (HAT,1994:67). In die wis-

kundige wetenskap dien aksiomas as stellings wat algemeen geldend is en nie bewys hoef te word nie. Op ander terreine van die wetenskap bestaan daar ook sulke algemeen geldende stellings wat nie bewys hoef te word nie. In die alledaagse lewe word hierna as beginsels verwys.

Beginsels dien as bewese riglyne vir gedrag. Covey (1992:33) beskryf beginsels as "natural laws that are woven into the fabric of every civilized society throughout history and comprise the roots of every family and institution that has endured and prospered". Hy verwys na Cecil B deMille wat skryf dat beginsels nie gebreek kan word nie, maar dat mense en geslagte hulle bloedneus hierteen loop. Dit dui dus op 'n universeel geldende riglyn vir gedrag wat waardes onderlê. Stoker (1961:31-36) het vanuit 'n etimologiese analise drie betekenismomente aan beginsels toegeken. Dit is "begin", "leiding" en "gebied". "n Beginsel is 'n begin, 'n eerste, 'n oorspronklike iets. Dit dien as fondament, 'n uitgangspunt" (Hattingh,1991:105). In die tweede plek is beginsels regulatief en leidend in die sin dat dit koersaanduidend is. In haar vergelyking van waardes en beginsels stel Hattingh (107) dit dat, "waardes 'n omvattender en kompleksere konsep (as beginsels) is. Dit is verder invloedryker in die lewe van elke individu". Hiervan verskil die outeur. Hoewel die twee begrippe in baie opsigte ooreenstem, is die oortuiging dat waardes geoperasionaliseer word aan die hand van beginsels wat dit voorafgaan.

In die konteks van hierdie studie word beginsels gestel as daardie universeel geldende riglyne wat onderliggend aan waardes is en in die konteks van die Christen se verwysingsraamwerk, telkens getoets moet word aan die eise van die Bybel synde die geopenbaarde wil van God.

2.4 WAARDES

Dit moet duidelik gestel word dat wanneer in die studie na waardes verwys word, daar verwys word na norme wat ter sprake kom by gedrag. Hier word nie verwys na die inherente waarde van 'n objek of artikel wat in monotêre terme verdiskonteer kan of op die een of ander wyse gerealiseer kan word

nie. Waardes wat in die studie ter sprake kom is normatiewe en etiese waardes. Dit het dus bepaalde normatiewe en etiese implikasies.

2.4.1 Waardes in breër terme

Eerstens word hier na waardes in breër terme verwys. "A value" volgens die English Dictionary, "is that which is worth of esteem for its own sake; that which has intrinsic worth". It is not something valuable only as a means to reach some other worthy thing: It is an end in itself" (Kidder RM, 1995:79). Wat by waardes ter sprake kom is om gedrag te rig volgens "onafdwingbare riglyne". Met ander woorde daar is nie 'n statutêre sanksie daaraan gekoppel nie. Dit laat die vraag ontstaan, wat die verpligting ten opsigte van die sogenaamde onafdwingbare is? Hierdie is die vraag wat die studie moet ondersoek, met ander woorde wat is die impak van waardes op die lewe van die mens.

Om werklik sin te ervaar, bied waardes aan die mens 'n raamwerk of grense waarbinne sin herken, beleef en erken kan word. Zohar en Marshall (2000:30) maak in die verband 'n baie belangrike bydrae wanneer hulle skryf, "In order for meaning to have meaning it must have boundaries". Hulle verduidelik hierdie stelling verder: "When our boundaries are violated we are outraged and take action. But when our boundaries cease to exist, we feel sheer horror, our experience loses all meaning...it is outside the context of human expectation and values" (30-31). Hier word in 'n sin verwys na dit waaraan waarde toegeken en hoog geag word, juis omdat dit sin en betekenis aan die lewe gee. "Values provide the boundaries. Values determine what the organisation (die kerk of ons geloof) will punish and reward, what it prizes above all, and what its highest priorities really are. The patterns of collective behaviour in organisation's values are almost always an expression of the organisations values, whereas values themselves are almost always looked at in the context of vision" (Clemmer en Mc Neil, 1989:81).

Waardes is tydloos en geld volstrek. Dit kom ter sprake in die geestelike werklikheid van die mens se wêreld en wys bo ditself uit na 'n groter sin-

gewende geheel of waarderyk, wat elkeen op sy eie verskillende terrein opereer, naamlik die van skoonheid, sedelikheid en die godsdienstige (Grossheide en Van Ittersohn.1961:557).

“ De waarde word beheerst deur die voorstelling dat die totale werklikheid een duaal karakter draagt, waarin die ene teenpool van het Sollen (moeten) een normatiewe geldigheid bezit teenover de andere van het Sein” (Grossheide en Van Ittersohn.1961:557). Verder het Lotze, soos verwys in Grossheide en Van Ittersohn (557), dan ook die konsep waarde in die filosofie gebruik binne die konteks “ter aanduiding van een realiteit, welke door de mens als een transcenderende wordt ervaart”.

Waardes vorm daardie intrinsieke kompas wat die mens rig om in bepaalde omstandighede op 'n wyse te reageer wat uiteindelik terug te voer is na die koersaanduiding van die innerlike kompas. Geen enkele mens bestaan in isolasie nie. Die mens lewe binne gemeenskapsverbande. Hier bevind die mens hom ondergeskik aan bo-individuele maatskaplike en historiese belang. Dit is hier waar waardes elke mens rig, waar daar nie noodwendig statutêre riglyne bestaan nie, maar waar daar eerder op die etiese aanspraak gemaak word.

Eie definisie. Waardes is intrinsieke ooreenkomste waartoe die mens met homself en sy medemens ooreenkom, wat hulle onderlinge gedrag rig, ten einde optimale leefruimte vir respek, persoonlike groei en selfverwesenliking daar te stel.

2.4.2 Christelike waardes

Wat word bedoel wanneer daar na *Christelike waardes* verwys word ?

In die lig van dit wat reeds genoem is, word daar vervolgens gekyk na die konteks wat die Christelike geloof wil stel vir die operasionalisering van die konsep waarde, soos wat dit gedefinieer is. Hierdie saak in omvang is egter 'n studie op sy eie. Dit val egter vierkantig binne die teologiese wetenskap. Op die oog af sou daar geargumenteer kon word dat Christene redelik eenstemmig behoort te wees oor die waardes wat hulle huldig. Daar kan egter

eerstens gevra word, watter waardes sien die kerk as kernwaardes? Verder sou ook gevra kon word, watter bronne is ter sprake? Die Bybel lyk voor die hand liggend te wees, maar daar is hewige debatte aan die gang oor die objektiewe of subjektiewe gesag van die Bybel. In Europa is dit al vir dekades so en dit het maar pas in Suid Afrika begin. Wat van die waardes wat oor eeue heen deel van die Christelike tradisie geword het? Daar word ook vanuit die samelewing al meer etiese vraagstukke aan die orde gestel wat nie klinklare antwoorde of gelykluidende antwoorde van die kerk ontvang nie. König skryf, "Meer as die kerklike lewe en strukture het op losse skroewe te staan gekom. Daar is skielik onsekerheid oor 'n hele aantal moreel-etiese kwessies, en selfs geloofskwessies, wat alles nog erger maak" (2003,20). Hy skryf verder, "As gelowiges in so 'n situasie kon teruggryp op die Bybel, sou dit die nodige vastigheid gebring het. Maar die Bybel het een van die groot onsekerhede geword. Skynbaar weet niemand meer wat die Bybel leer en hoe die Bybel uitgelê moet word nie. Dit lyk vir sommige behoorlik of alles wat die Bybel geleer het nou "uit" is en alles wat vroeër onbybels was, nou "in" is" (21). Hy maak sy eie gevolgtrekking dat, "Ondanks al die verandering en onsekerheid kan ons die Bybel tog glo" (22). 'n Groot deel van die antwoord is in die hermeneutiek te vinde, maar die bevindinge val buite die fokus van die studie.

Dit word aanvaar dat waardes by verhoudings ter sprake kom. Daarom word as die vertrekpunt die uitspraak van Jesus Christus as die basis geneem, wanneer Hy verhoudings reël met sy samevatting van die Tien Gebooe in die twee gebooe naamlik, "Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart met jou hele siel en met jou hele verstand en jou naaste soos jouself" (Mattheus 23:34 ev.).

Hierdie gebod is gemotiveer vanuit en tot die konsep liefde. Liefde tot God en liefde tot die medemens. Hy lê egter 'n maatstaf aan, wanneer die verhouding met die medemens ter sprake kom – naaste lief te hê soos *jouself*. Hieruit kan daar afgelei word dat wanneer die Christelike geloof waardes operasionaliseer, dat dit immer binne die dampkring van liefde is. "When we make deposits of unconditional love, when we live the primary laws of love, we

encourage others to live the primary laws of life” (Covey, 1992:199). Waarde synde deel van die etiese handeling van die mens, moet vir die Christen altyd aan die eis van liefde beantwoord.

Wanneer hierdie riglyne van die Tien Gebooe in verhoudingsverband uitgespel word is dit veral die Goue Reël, “Doen aan ander soos wat jy aan jouself gedoen wil hê”, wat die speelveld uitmeet. Binne die parameters met die liefde as motief vir gedrag, poog die Christen om aan die waardes wat hy huldig substansie te gee.

Dit word verder genuanseer deur konsepte soos vergifnis, geduld vriendelikheid verdraagsaamheid en genade wat in die leefwêreld van die Christen gelowige die praktiese gestaltes van liefde is. Hierdie konsepte gee juis konkrete inhoud aan die Christen se geloof en oortuigings. Dit is juis hier waar hy sy eie waarde beleef wanneer hy aan die ontvangkant staan van hierdie liefdevolle handeling en dit binne sy eie vermoë vind om waarde toe te voeg deur op sy beurt weer te kan vergewe, vriendelik en geduldig te wees.

2.5 DISSONANS

In die psigologie word die term veral gebruik wanneer daar verwys word na ‘n rasionele spanning wat beleef word, tussen, “weet wat reg is en wat gedoen word”. Byvoorbeeld, almal weet dat rook kanker kan veroorsaak, tog rook baie mense, selfs medici !

Die Woordeboek van die Afrikaanse Taal (HAT) verwys na dissonans as ‘n wanklank of wanluidend (HAT, 1994:153). Waar “sonant” die stamwoord is wat dui op klank. Die voorvoegsel “wan” dui daarop dat die klank of geluid nie in harmonie is nie en ‘n irritasie op die oor is. In die konteks van die wetenskap word die konsep dan verstaan as ‘n gaping tussen die oorspronklike bedoeling en dit wat eksistensiële ervaar word. Die begrip kognitiewe dissonans is deur Festinger in die sielkunde die eerste keer gebruik. “To describe a state of affairs that people typically strive to avoid, a state of

inconsistency between two beliefs or between a belief and a related action" (Cartwright, 1974:326).

Dit is veral die verwysing na "inconsistency between a belief and the related action" wat die konsep in die konteks van die studie die beste beskryf.

2.6 GEDRAG

Vanuit die gedragswetenskappe word menslike gedrag bestudeer tussen konsepsie en dood. Wat hier tussen afspeel is die lewe van 'n mens op aarde en dit word gekenmerk deur verskeie –soms dramatiese- veranderinge. Voor geboorte verloop alles prosesmatig, maar na geboorte neem *leer* sy volwaardige plek in die lewe van die individu in. Van hier af moet hy aanpas in sy omgewing en leer om homself daarin te handhaaf. Daar kan dus gepraat word van aangeleerde gedrag. Tog is dit 'n ooreenvoudiging van die proses.

Daar is volgens Covey (1992:67-8) veral drie faktore wat bydra tot sosiale kondisionering wat gedrag direk beïnvloed.

- Genetiese faktore, dit wat ons oorgeërf het van ons voorouers,
- Psigiese determinisme, opvoeding en ervaringe vanuit kinderdae is bydraend tot wie die individu is,
- Omgewingsfaktore wat dui op individue, situasies en ervaringe in die alledaagse lewe.

Covey beskryf die faktore as padkaarte wat 'n mens gebruik om koers in die lewe aan te dui.

Gedrag, volgens die HAT (243), dui op die wyse waarop iemand optree. Guilford (Cartwright, 1974:275) het twaalf kenmerke van menslike gedrag geïdentifiseer waarbinne die persoonlikheid funksioneer. Hy plaas dit in drie kategorieë naamlik: gedragskenmerke, morfologiese kenmerke en fisiologiese kenmerke. Wat waargeneem word, sê hy, is die handeling van 'n persoon. Dit kom en gaan, maar dan bly die individu agter met die gevolge van die gedrag

wat verwerk moet word. In die konteks van die studie is dit veral hierdie aspek wat ondersoek word en waartoe PPL 'n bydrae sou wou maak.

Die feit dat menslike gedrag 'n duidelike verwantskap met waardes vertoon, stel as voorwaarde dat menslike gedrag eties verantwoordbare gedrag sal wees. Mense reageer dus nie net instinktief soos 'n dier nie, maar kan sy eie optrede deur meta-kognisie evalueer, 'n waardeoordeel daarvoor uitspreek en aanpassings maak aan die hand van sy waardes - en ander - se evaluering van sy gedrag.

Dit is wel vroeër deur die behaviourisme bevestig dat ook die mens 'n slagoffer van kondisionering kan wees (Cartwright, 1974:427ev.). Sy gedrag kan daarom soms beskryf word as gedetermineerd, of selfs gepredestineerd, maar hy is steeds nie slagoffer van kondisionering nie, omdat elkeen tussen stimulus en respons kan kies.

Die mens synde 'n etiese wese sal binne die konteks van die Christelike geloof hom nie kan ontworstel van die skeppingswil van die Skepper nie.

"God het die menslike persoon op die aarde geplaas, en die opdrag gegee dat die mens op 'n bepaalde wyse –naamlik in liefde- behandel sal word". (Heyns, 1982:9). Heyns stel dit verder dat die etiese 'n dimensie van die menslike bestaanswyse is, wat deur die Skepper self ingebou en deur die mens verder uitgebou moet word (9) en wat in sy gedrag gestalte moet kry. Die keuses wat Christene behoort uit te oefen moet hierdie wete in gedagte hou.

Hier is gepoog om aan die hand van begripsverhelderende opmerkings 'n duideliker begrip wat met elkeen van die konsepte verstaan word daar te stel. Hierdie opmerkings bied ook 'n duideliker afbakening vir die studie. Soos aangedui is die konsepte ryk in betekenis en toepassing en is dit nodig om dit kontekstueel te operasionaliseer.

HOOFSTUK 3

DIE NAVORSINGSPROSES: KWALITATIEWE NAVORSING

3.1 WAT IS KWALITATIEWE NAVORSING?

Kwalitatiewe navorsers volgens Merriam, “are interested in understanding the meaning people have constructed, that is how they make sense of their world ...it is an effort to understand the situations in their uniqueness as part of a particular context and the interactions there (1998:6). Kwalitatiewe navorsing is gewoonlik ryk en deskriptief en poog nie om voorspellings vanuit die studie te maak nie, maar wil die fenomeen eerder beskryf en verstaan. Daar word gepoog om 'n fenomeen binne 'n beplaaide konteks te bestudeer. Bepaalde situasies en hul uniekheid binne 'n geheel en die interaksie van die situasie binne 'n groter geheel kan ondersoek word. So is die verstaan van die situasie die belangrike en nie om vanuit die studie voorspellings te kan maak nie. “It is multi-method in focus. Qualitative researchers study “things in natural settings”” (Denzin & Lincoln, 1998:3).

In hierdie studie word daar gefokus op onderhoude wat met fokusgroepe gevoer word.

3.2 FOKUSGROEPONDERHOUDE.

Die navorsingsproses verloop aan die hand van riglyne wat deur 'n kwalitatiewe navorsingsstrategie daargestel word. Inligting word versamel deur onderhoude te voer met fokusgroepe.

3.2.1 Vereistes vir fokusgroeponderhoude (Bennett deMarais,1998)

- Die vrae van die vraesteller moet nie lank en gekompliseerd wees nie, maar kernagtig en op die man af.
- Daar word gepoog om die vrae so te stel daar nie net kortliks geantwoord mag word nie. Die onderhoudvoerder behoort genoegsame geleentheid toe te laat vir effektiewe beantwoording van die vrae.

- Die onderhoudvoerder is bedag daarop om nie te veralgemeen nie, maar gefokus te bly.
- Vervolgens moet die onderhoudvoerder bedag wees daarop om nie leidende vrae te vra waarin die onderhoudvoerder se eie vooroordele aan die lig kom nie.
- Die onderhoudvoerder behoort ook sensitief te wees vir ander kommunikatiewe leidrade wat mag bestaan, maar nie op die verbale vlak gekommunikeer word nie. Dit mag daartoe aanleiding gee dat 'n belangrike aspek in die onderhoud verlore kan gaan.
- Dit is baie belangrik dat die onderhoudvoerder 'n gespreksbasis daarstel waarin die deelnemers in die onderhoud gemaklik voel om 'n bydrae tot die gesprek en die tema van die studie te maak.

3.2.2 Seleksie van die fokusgroepe

Volgens Merriam (1998:61) is doelgerigte navorsing gebaseer op die veronderstelling dat die navorser insig en toenemende begrip ten opsigte van 'n spesifieke fenomeen wil verwerf. "Sampling is the act, process, or technique of selecting a suitable sample, or a representative part of a population for the purpose of determining parameters or characteristics of the whole population" (Mugo:geen datum). Die omvang van die studie is egter baie beperk en die aansprake van die bevindinge sal dienooreenkomstig wees. Die tipe steekproef wat geneem is, is doelgerig. "In purposive sampling a case is chosen because it illustrates some feature or process that is of interest for a particular study- though this does not simply imply any case we have to choose" (Silverman, 2000:104). "In purposive sampling the researcher must think critically about the parameters of the population and then choose the sample accordingly" (De Vos, 1998:334). Vir die doeleindes van die studie is dit belangrik dat persone wat in die fokusgroeponderhoude betrek word, Christen-gelowiges is. Hulle moet ook aktiewe lidmate van die gemeente wees waarby hulle ingeskakel is. Die lidmate is van beide geslagte. Die lidmate is ook nie van 'n bepaalde generasie nie, maar wissel in ouderdom van vroeg twintigerjare tot vroeë sestigerjare.

Daar is met drie groepe onderhoude gevoer. Twee van die groepe het bestaan uit lidmate van 'n kleingroep aktiwiteit in 'n gemeente en 'n derde was 'n ope uitnodiging aan lidmate om aan die fokusgroeponderhoud deel te neem. (Twee van die groepe se gesprekke –transkripsies- is as appendix A in die studie ingevoeg), Die terugvoer was baie gelykluidend. Daar is besluit om daarby te volstaan. Al die groepe bestaan uit lidmate van NG Kerk gemeentes in Johannesburg. Al die persone wat gevra is om by die onderhoude teenwoordige te wees, is uitgesproke Christene wat baie betrokke is by gemeentelike aktiwiteite. Die onderhoudvoerder het die groepe gaan besoek, hulle is nie gevra om na sy huis te kom nie. Die motivering is dat hulle gemakliker mag voel in 'n omgewing waar hulle tuisvoel. Daar is dus voorkeur gegee aan 'n ontmoetingsplek van hulle keuse. Deelnemers was deurgaans daarvan bewus dat die onderhoud op die basis van vrywillige betrokkenheid gevoer is. Rubin en Rubin (1995, in Bogden & Biklen, 1998:95) verwys na die benadering as “guided conversation”. Enige persoon sou op enige tyd kon onttrek. Die deelnemers is ook op 'n anonieme basis betrokke by die onderhoud. Die onderhoude is op klankkasset gerekordeer en met transkripsies opskrif gestel. Daar is ook veldnotas tydens die onderhoude gemaak. Dit, volgens Fasse en Kolodner (2002), stel die navorser in staat om bevindinge te argiveer en weer onder oë te kry indien nodig.

3.2.3 Fokusgroeponderhoudsvrae

1 Wat is waardes?

Dit is nodig om met die vraag net eers vas te stel wat die deelnemers se persepsie van waardes is.

2 Is daar universele waardes wat vir u belangrik is?

Die Christelike geloof is 'n geloof wat oor ras, kultuur en landsgrense strek. Is dit noodwendig waar van waardes? Die groepe moet ook in staat wees om voorbeelde van universele waardes te kan noem.

3 Wat is onderliggend aan die waardes?

Waardes het ook 'n oorsprong. Waardes het wortels. Kan die groepe verklaar waar hulle waardes vandaan kom?

4 Wat is die maatstaf wat Christene gebruik wanneer hulle hul waardes uitleef?

Is dit moontlik juis vanweë die omvang van die Christelike geloof dat daar uiteenlopende waardes in die geloof gehuldig word ? Wat word as die maatstaf aangelê ?

5 Kan ons meer spesifiek wees?

Waardes is 'n hoeksteen van 'n Christen se lewe. Kan die groep met ander woorde duideliker antwoorde gee as clichè's. (Indien hier veralgemeen word).

6 Is dit maklik om by die waardes te hou?

Dit is nodig om die verband tussen die voorgenome waardes en die dien-ooreenkomstige gedrag te lê. Waardes het immers ten doel om ons gedrag te rig. Wat neem ons waar in die leefwêreld van elke dag?

7 Wat maak dit maklik of moeilik om by die waardes te hou?

Is Christene by magte om hierdie waardes, wat as kernwaardes vir hulle geloof voorgehou word, ten volle uit te lewe ? Indien wel- hoe? Indien nie - waarom nie?

8 Hoe voel ons wanneer ons 'n dissonans tussen wat ons weet en wat ons doen beleef?

Indien daar 'n dissonans mag bestaan tussen die waardes wat hulle huldig en hulle gedrag, wat is die impak hiervan op hulle as Christene?

9 Hoe stel Christene die problem reg ?

Indien Christene hier 'n dissonans beleef, wat kan hulle probeer om dit reg te stel?

3.3 FOKUSGROEP DATA-ANALISE.

Die analisering van die data is die proses waarin verworwe inligting op 'n sistematiese en analitiese wyse georden word (Bogdan & Biklen, 1998:157).

Die metode wat gevolg is, is "Constand Comparison". Dit kan beskryf word as induktiewe kategorie kodifisering. Die navorser vergelyk alle verworwe data ten einde vas te stel watter inligting saam gegroepeer moet word en wat dui op nuwe kategorië (LeCompte & Preissle in Thompson, 1994). Hierdie proses stel die navorser in staat om die inligting in betekenisvolle eenhede saam te voeg, "a reasoning strategy with the objective of taking a complex whole and

resolving it into its parts" (De Vos, 1998:336). Vervolgens is daar aansluiting gevind by Tesch (1990:154.-156) wat agt stappe voorstel wat gevolg kan word, waaraan aandag gegee moet word by die analisering van die data.

Stap 1 Lees die transkripsies deeglik ten einde 'n geheelbeeld te kry.

 Poog om alle vooropgestelde idees eenkant te stel

Stap 2 Kies een respons en reflekteer op die onderliggende betekenis, maak kantaantekeninge

Stap 3 Volg die prosedure vir 'n aantal response, lys die temas wat na vore kom. Groepeer die temas in belangrike temas, unieke temas en die res.

Stap 4 Keer met die lys terug na die data merk die temas as kodes teenoor die transkripsies . Gebruik dit as riglyn om vas te stel of nuwe kategorieë na vore kom.

Stap 5 Vind die mees deskriptiewe bewoording vir die temas. Omskryf dit in kategorieë

Stap 6 Besluit op 'n finale afkorting vir elke kategorie. Rangskik die kodes alfabeties.

Stap 7 Versamel die materiaal wat saamhoort bymekaar. Doen 'n voorlopige analise.


Stap 8 Herkodifiseer data indien nodig.

3.4 GROEPERING VAN GEANALISEERDE DATA.

Onderstaande is die temas wat oorwegend na vore getree het. Die temas verskyn in die kolom aan die linkerkant. Die respons van die deelnemers aan die fokusgroeponderhoude verskyn in die kolom aan die regterkant.

Tabel 1.

Tema:	Beskrywing:
Die persepsies rondom waardes	- Waardes dui op dit wat vir 'n persoon waardevol is, byvoorbeeld van dankbaarheid tot goeie

	<p>maniere.</p> <ul style="list-style-type: none"> - Waardes lê die fondament vir gedrag. Dit vorm die gemeenskaplike onderlinge reëling in die gemeenskap, wat die gemeenskap orden. - Waardes wys wie of wat jy is. Hierdie waardes kan aangeleer word (in die ouerhuis) of dui op inherente oortuiging van die individu. - Universele waardes bestaan. - Voorbeelde van universele waardes is respek vir lewe en eiendom, erkenning en selfliefde.
<p>Dit wat vir Christene onderliggend aan waardes lê</p> 	<ul style="list-style-type: none"> - Vir die Christen is die Bybel as die primêre kennisbron vir kernwaardes daargestel. - Spesifieke verwysing veral na die Wet in Exodus 20, die samevatting van die Wet, maar ook die verwysing na die vrug van die Heilige Gees in Galasiërs 5. - Vervolgens is geloof in Jesus Christus en veral die voorbeeld wat Hy stel onderliggend aan die waardes. - Die derde onderliggende beginsel is die gesin en waardes wat in dié konteks aangeleer word.

Die uitleef van waardes

- Twee uiteenlopende standpunte word oënskynlik gehuldig.
- **JA.** Christene is suksesvol in die uitleef van die waardes, maar dan moet dit gesien word as synde deel van 'n proses.
- In die proses is 'n daaglikse oorgawe aan die leiding van die Heilige Gees baie belangrik.
- Hier is ook verwys na die Bybel se belofte dat God nie mense se vermoë sal beproef nie.
- **NEE.** Christene is blootgestel aan 'n leefwêreld waar druk dikwels so sterk is dat hulle hul waardes kompromiteer.
- Christene verloor soms hul fokus.
- Die Duiwel is 'n werklikheid en sy versoekinge word beleef.

- Die oorwoë mening van die gesprekke is egter dat dit binne Christene se vermoë lê om hul waardes uit te leef.

<p>Die bestaan van die dissonans</p>	<ul style="list-style-type: none"> - Die bestaan van 'n dissonans tussen die gehuldigde waardes en dienooreenkomstige gedrag word eenparig erken. - Dit bevestig die realiteit van die gebroke werklikheid waarbinne ons lewe. - Die bestaan van die dissonans word nie noodwendig as negatief beleef nie. - Die bestaan van die dissonans wys juis heen na die ander dimensie waarin Christene lewe, naamlik hulle verhouding met Christus, die genadeverbond.
<p>Ervaring van die dissonans</p>	<ul style="list-style-type: none"> - Die ervaring van die dissonans word as ambivalent beskryf. Enersyds word dit as 'n bron van moedeloosheid beskryf, maar aan die anderkant, sien die groter meerderheid die dissonans as 'n uitdaging tot groei. - Die lewe, waar waardes en gedrag in lyn gebring moet word, word gesien as 'n proses.
<p>Hantering van die dissonans</p>	<ul style="list-style-type: none"> - Die belangrikste instrument waaroor Christene tans beskik is belydenis van skuld. Jesus Christus word onder andere gesien as die Persoon wat juis gekom het om die dissonans te oorbrug, nie op te hef nie !

	<ul style="list-style-type: none"> - Verder is gebed 'n kragtige instrument waaroor Christene beskik, wat hulle begelei in die proses van selfrefleksie. - Verder is die daarstel van 'n "accountable partnership" 'n ander belangrike geleentheid om die impak van die dissonans te minimaliseer. Hierdie aspek is vir die respondente baie belangrik. - Laastens bly die feit van verantwoordelike keuse uitoefening staan as instrument om die dissonans te oorkom.
--	---

3.5 GELDIGHEID EN BETROUBAARHEID

"In conventional research, validity is taken to mean how close the findings are to reality; and reliability is equated with constancy of findings" (Barton et al., 1997).

Daar is besluit om na twee van die fokusgroepe terug te gaan en die bevindinge met hulle te kontroleer (member checks – Merriam, 1998). Twee lede van die groepe is ook gevra om die inhoud van die transkripsies van elke onderskeie groep waarvan hulle deel was te kontroleer.

Beide groepe was grootliks instemmend oor die bevindinge van die studie. Maar dit was rondom lidmate se ervaring van die dissonans waar daar nie eenstemmigheid bestaan nie. Dit is by wyse van konsensus ooreengekom dat die mate waarin geestelike groei by individue al plaasgevind het, 'n wesenlike invloed mag hê op lidmate se persepsie of belewenis van die dissonans. Dit is duidelik dat hier 'n terrein vir moontlike verdere studie mag bestaan.

Die individue wat die transkripsies gekontroleer het, was dit eens dat hulle met die inhoud van die onderskeie fokusgroeponderhoude saamstem. Verder is 'n onafhanklike party ook versoek om die kodering van die fokusgroeponderhoude te kontroleer ten einde die temas wat na vore getree het te bevestig.



HOOFSTUK 4

BEVINDINGE TEN OPSIGTE VAN DIE FOKUSGROEP- ONDERHOUDE EN MOONTLIKE PPL ANTWOORDE DAAROP

4.1 ORIËNTASIE

Uit die terugvoer wat van die verskillende fokusgroepe aan die hand van die navorsingsvrae ontvang is, word daar nou gepoog om vas te stel wat die groepe se belewenis van die navorsingsprobleem is.

Die probleem is:

Dit wil voorkom of daar 'n dissonans tussen toegewyde lidmate van die NG Kerk se kennis en die uitlewing van die kernwaardes van die Christelike geloof bestaan. In gesprekke met enkele predikante in Johannesburg en omgewing word die observasie van sodanige dissonans bevestig. Uit 'n voorlopige literatuurstudie kon daar nie voldoende inligting verkry word om genoemde observasie te verklaar nie. Daar kon ook nie inligting opgespoor word wat die toegewyde NG Kerklidmate se beleving van hierdie dissonans beskryf nie.

Daar was deurgaans by die fokusgroeponderhoude 'n gemaklike en oop atmosfeer. Hierdie atmosfeer is bewerkstellig deur die feit dat die respondente van die onderskeie groepe mekaar onderskeidelik reeds 'n geruime tyd goed ken en dat hulle al 'n geruime tyd die geloofspad loop. Die verhouding tussen elke fokusgroep en die vraesteller was ook baie gemaklik en oop. Die vraesteller is aan die meeste respondente al bekend vir meer as vyf jaar. Hierdie atmosfeer het die basis geskep vir eerlike en entoesiastiese deelname deur die respondente. Die bevindinge is daarom gebaseer op onbevange respons van die respondente.

4.2 BEVINDINGE EN TERUGVOER

4.2.1 Wat is waardes?

Die persepsie van die respondente is dat hulle waardes sien in die lig *van dit wat vir jou waardevol is*. Dit vind aansluiting by die beskouing van Phil McGraw en Hyrum Smith se beskrywing van "what matters most" (Smith,2001:67ev.). Die respondente beskou waardes as riglyne vir hulle lewe. Hulle stel dit ook dat waardes onderliggend is aan jou gedrag. Dit word in 'n kousale verband gesien. Verder is daar verwys na goeie maniere, byvoorbeeld "om betyds op te daag vir 'n afspraak" aan die eenkant tot by "respek vir lewe eiendom en 'n dankbare lewenshouding" aan die anderkant. Die opmerking is gemaak: "Die waardes wat jy huldig bepaal wie jy is". (Appendix A). Hierdie standpunt word bykans netso gehuldig deur Smith (2001:82) "our governing values lie at the very centre of who we are". Daar is ook verwys na aangeleerde gedrag aan die hand van waardes wat veral in gesinsverband na vore gebring word. Ander instellings soos skole en kerke word gesien as vennote in die proses.

Verder is daar ook na waardes verwys as, "dit wat die gemeenskap begelei in onderlinge ordelike optrede". Verbatim reaksie van 'n respondent was: "*My eerste gedagte bring my tot dit wat waarde het vir my ten opsigte van ander mense, saam en tussen ander mense. Dit bestaan wanneer ek alleen is, maar dit vind juis uitdrukking wanneer ek saam met mense is.*" (Appendix A).

4.2.2 Bestaan daar universele waardes ?

Op die vraag of daar iets soos universele waardes bestaan, was die mening oorweldigend - ja. Die respondente was eens dat dit waardes is wat deurgaans en oral geld. Die respondente kon weer eens van hierdie waardes by die naam noem. Die gemeenskaplike noemer by die groepe is; respek. Respek vir lewe "Our individual governing values...come from our membership of the human race. For example most societies value life itself and feel sanctity about it" (Smith,2001:91). Verder is daar respek vir eiendom, ouderdom, maar dan word aspekte soos eerlikheid, selfliefde en

naasteliefde ook genoem. Uit hulle antwoorde kan daar reeds afgelei word dat hulle 'n gemeenskaplike kenbron vir hulle waardes het. Omdat die vraesteller bedag is op moontlike vooroordeel is daar op dié stadium geen vrae in dié verband gestel nie.

4.2.3 Wat is onderliggend aan die waardes wat die lidmate huldig?

Een van die standpunte wat duidelik na vore getree het was dat waardes aangeleer word. Dit is ook veral die huisgesin wat hierdie ruimte bied vir die aanleer van waardes. Daar word verwys na die behoefte wat in die gemeenskap bestaan om die onderlinge gedrag van mense te orden. Waardes wat die gemeenskap huldig is hier onontbeerlik. Vervolgens is genoem dat lidmate se geloofsoortuiging hulle persepsies van die kernwaardes wat hulle huldig, beïnvloed.

Dit is opmerklik dat die groepe nie dadelik die Bybel by die naam genoem het nie, maar eerder die konteks waarbinne die gelowiges hulle elke dag bevind, veral verwysend na die gesin en hoe daar met waardes in die verband (gesin) omgaan is.

4.2.4 Wat is die rigsgnoer wat Christene gebruik wanneer hulle waardes evalueer?

Hier is deur die bank genoem dat die Bybel as 'n primêre bron van kernwaardes gesien word. Dit is duidelik dat daar by die lidmate nie enige misverstande bestaan oor wat die kernwaardes wat Christene huldig is nie. Die kerk as instelling word nie genoem as die belangrikste vennoot in die proses nie, maar eerder individue of kleiner geloofsgemeenskappe soos die selgroep, of kleingroepbediening.

Uit die tradisie van die gereformeerde leer is dit dan ook so dat die belydenisskrifte van die kerk, naamlik die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Dordtse Leerreëls en die Heidelbergse Kategismus, sekondêr staan ten opsigte van die Bybel. Dit word telkens aan die Bybel as die primêre bron gemeet. Daarom word die belydenisskrifte nie as so belangrik geag wanneer die rigsgnoer vir waardes ter sprake kom nie.

4.2.5 Kan daar na meer spesifieke gedeeltes in die Bybel verwys word?

Die groepe beskou veral die Wet as die kern kenbron van hulle geloofswaardes. So het die Tien Gebooe (Wet) wat in Exodus 20 of Deutronomium 5 opgeteken is as die basis na vore gekom. Verdere interpretasies is dit wat deur die Bybelsel, van wat in die Tien gebooe staan, voorgehou word. Soos die samevatting van die Tien Gebooe in die twee gebooe, "dat ons God moet liefhê met ons hele hart ons hele verstand en al ons kragte en ons naaste soos onself" (Mattheus 22). Ook ander gedeeltes in die Nuwe Testament by voorbeeld Galasiërs 5:20, verwysende na die "Vrug van die Gees". Konsensus bestaan, dat die Bybel die primêre kennisbron van hulle waardes is.

4.2.6 Is dit maklik om by die waardes te hou ?

Elke groep is daarvan oortuig dat hulle werklik opreg poog om in hulle optrede gestalte te gee aan die waardes wat hulle huldig. Die werklikheid en die eise van elke dag en die gaping wat daar bestaan tussen die leefwêreld van die Christen, ander gelowe en ongelowiges, kompliseer egter die situasie. Daarom is dit deel van Christene se ervaringe dat hulle teen hul beterwete kompromieë aangaan, wat hulle eie waardes en optrede in gedrang bring. Daar word reeds van jongsaf, op kinders by die skool, al druk geplaas om te kies tussen die waardes wat hulle tuis geleer word en wat tussen die maats by die skool geld. *"Ek meen daar is 'n definitiewe groep kinders by die skool wat die "cool" kinders by die skool is, maar B wil nie deel van hulle wees nie, want sy besef daar is 'n groot verskil van wat hulle glo en lewe by hulle huise en wat ons, ons kinders leer."* (Verbatum aanhaling van 'n respondent)

4.2.7 Wat maak dit maklik of moeilik om by die waardes te hou ?

Konsensus in die groepe is dat dit nie maklik is om nougeset by die waardes te hou nie. Lidmate beleef oorwegend hierdie dissonans tussen hulle kernwaardes en gedrag of die uitlewing van die waardes. Die groepe huldig nie die persepsies dat die eise wat vanuit hulle geloof aan hulle gestel word te hoog is nie. Die waardes is inderdaad duidelik en verrykend, maar enkele persone het verwys na die sondige aard van die mens. Ons is deel van die

gebroke werklikheid en inderdaad ook bydraend tot die gebrokenheid daarvan. Die dissonans is 'n werklikheid, enersyds, omdat die waardes wat die Bybel huldig vasstaan. Die geloof gaan nie kompromië aan met die wêreld nie, maar die gelowige aan die anderkant, wel. Die vraag kan gevra word - waarom?. In 'n enkele sin is die antwoord eenvoudig. Die mens het 'n keuse. Vroeër is die keuse dikwels namens die individu deur die kerk gemaak. Die feit dat die Rooms Katolieke Kerk vir baie eeue Latyn as die taal van die kerk gehandhaaf het, het baie lidmate die geleentheid ontnem om ten volle deel van die geloofsgemeenskap te kon wees. Die Pous het namens die lidmate "ex catetera" uitsprake gemaak. Na die opkoms van die Protestantisme het daar wel 'n klemverskuiwing plaasgevind wat die besluitneming nader aan die grondvlak gebring het. Dit is egter eers by die postmoderne lidmaat waar die verantwoordelikheid finaal geskuif het. Die huidige lidmaat is mondig en maak sy en haar eie keuses. Al beteken dit soms dat daar dan teen hul betewete gehandel word. Groepsdruk, die druk van die samelewing, of selfs tydsdruk word as redes genoem waarom daar in hul optrede wegbeweeg word van die riglyne wat kernwaardes daarstel.

4.2.8 Hoe voel ons wanneer ons 'n dissonans tussen wat ons weet en wat ons doen beleef ?

Daar sou verwag kon word dat Christene oor die algemeen moedeloosheid mag ervaar, omdat hulle die werklikheid van die dissonans tussen die waardes wat hulle huldig en hul gedrag nie kan ontkom nie. Tog is dit merkwaardig dat hoewel 'n belewenis van die dissonans erken word, dit Christene nie tot totale moedeloosheid stem nie. Die meeste van die respondente huldig die mening dat Christene wat in 'n verhouding met Jesus Christus lewe *in 'n proses van geestelike groei is*. Hoe meer 'n mens bewus is van die teenwoordigheid van die Here in jou lewe, hoe meer jy jouself onder leiding van Sy Gees stel, hoe meer gaan jy suksesvol wees om die waardes en gedrag al nader aan mekaar te bring.

Die bestaan van die dissonans word dus eerder as 'n uitdaging gesien en nie as 'n aspek van die Christen se lewe wat hom of haar tot totale moedeloosheid moet stem nie of moet laat voel dat hulle lewe 'n mislukking

is nie. Dit bevestig opnuut die opmerking van Jesus Christus in Johannes 17 dat sy *volgeling in hierdie wêreld is, maar nie van hierdie wêreld is nie.*

4.3 'n PPL PERSPEKTIEF OP DIE FENOMEEN

Die vraag is, watter beginsels vanuit die PPL vakgebied kan Christene aanwend om die belewenis van die dissonans aan te spreek ?

Beginsels wat die studie voorstel wat Christene behulpsaam kan wees in hulle hantering van die probleem is: Realiteitsbewusmaking, persoonlike leierskap, interpersoonlike leierskap, dimensionele impak, beginsel-gesentreerde leierskap, keuses en "begin with the end in mind".


4.3.1 Realiteitsbewusmaking

PPL kan veral hier 'n belangrike bydra lewer omdat PPL die lewe fenomenologies as speelveld lewe ondersoek. In die proses word hier pertinent gefokus op **bewusmaking**. Christene word enersyds begelei om dit wat hulle beleef (dissonans) te herken en te erken en die oorsprong daarvan te beskryf. Daar is al vir te lank vrede gemaak met die belewenis van die sogenaamde gaping tussen wat Christene weet en wat hulle doen. Deur bloot te let op die afwering van die kerk se roeping om lidmate te tug (altd binne die dampkring van liefde) word vermoed dat vermydingsgedrag deel van die alledaagse praktyk in die kerk geword het. Tug word in die Gereformeerde tradisie erken as een van die *notae ecclesiae*, kenmerke van 'n ware kerk. Suiwre woordverkondiging en sakramentbediening is die ander twee kenmerke. Die feit mag daarop dui dat die kerk deur sy opdrag hier te versaa, 'n belangrike aandeel mag hê in die bestaan en belewenis van die dissonans.

Baie lidmate ervaar die gevolge van die bestaande dissonans, maar is nie by magte om die dissonans se aard te beskryf nie. PPL kan die lidmaat help deur die oorsprong, aard en omvang van die dissonans te beskryf. Dit sal hulle met kundigheid bemagtig wat op sy beurt weer aanleiding kan gee tot die demitologisering van diê bedreiging van hulle geloof.

4.3.2 Persoonlike Leierskap

PPL se vertrekpunt is die individu. Elke mens moet leierskap vir hom- of haarself kan aanvaar. Wanneer hier van persoonlike leierskap gepraat word, word hier veral verwys na die Piramide van Leierskap. Persoonlike leierskap vorm die basis hiervan.



Figuur 1. Die primêre vlakke van die Piramide van Leierskap

'n Kraak wat hier (op persoonlike vlak) begin, loop regdeur alle vlakke van leierskap, interpersoonlik sowel as professioneel. Hier word die beginsel van "Inside –Out" uitgelig. Cashman het in sy program van leierskap hierna verwys wanneer hy skryf, "Leadership is the authentic expression of the self, that creates value" (2000:20). Die dilemma van lidmate oor baie jare heen was dat die kerk namens die lidmate uitsprake gemaak en standpunte gehuldig het. In die postmoderne samelewing waarin ons, ons tans bevind is diè modus operandi nie aanvaarbaar nie. Lidmate wil en moet mondig wees, maar hulle kom vanuit 'n milieu waar dit nie toegelaat was nie. Lidmate moet nou toenemend in individuele verband verantwoordelikheid vir hulle eie optrede aanvaar. Dit is vir hulle 'n uitdaging.

Waardes is een van die kernaspekte van persoonlike leierskap. Wanneer waardes en gedrag in gedrang kom ervaar die individu 'n krisis. Ten einde werklike lewensvreugde en -sin te beleef is 'n persoon op hom- of haarself aangewese deur te besluit volgens watter waardes hy of sy gaan lewe. Elke jongmens bereik 'n punt waar die opvoeding van gesagsfigure in sy of haar

lewe aanvaar of genegeer kan word. Hulle is op hulself aangewese en moet ook sodanig verantwoordelikheid aanvaar.

In die proses wil PPL as begeleier 'n bydrae maak wanneer eksistensiële vrae in hulle lewe aan die orde kom. So kan persone ingeligte en gemotiveerde besluite ten opsigte van hulle lewens maak. Persoonlike leierskapsvlak is die vertrekpunt.

4.3.3 Interpersoonlike Leierskap

Christene kan nie anders as om verantwoordelikheid vir mekaar te aanvaar nie. Nie net is daar verwys na "accountable partners" nie, maar meer as een respondent het verwys na die invloed van ouers op kinders en die gesin as 'n sisteem waar waardes aangeleer en beproef word. Op die vlak van **interpersoonlike leierskap** is daar 'n hele aantal beginsels wat moet geld om verhoudinge as sinvol te beleef. PPL leer ons dat ons hier moet weet daar kan nie van sinvolle verhoudings sprake wees nie, indien daar nie sprake is van onderlinge vertroue nie. Verder is kommunikasie onontbeerlik. Hier word slegs kortliks verwys na die belang van die twee aspekte, aangesien dit 'n studie op sy eie behels.

Vyf riglyne wat Cashman (2000:120) gee word kortliks net genoem:

- Know yourself authentically
- Listen authentically
- Express authentically
- Appreciate authentically
- Serve authentically

Persoonlike, Interpersoonlike en Professionele Leierskap het as vertrekpunt dat **die mens 'n verhoudingswese is**. Hy leef in 'n verhouding met homself, met sy medemens en in 'n professionele konteks met sy kollegas. In die konteks van die studie kom nog 'n verhouding ter sprake en dit is die gelowige se verhouding met God. PPL maak mense bedag op die impak van die dissonans op hierdie verhoudinge. Hoewel die oortuiging mag bestaan dat hierdie studie hoofsaaklik op die geestelike dimensie fokus, is dit duidelik dat die impak van die dissonans ook op ander dimensies van 'n Christen se

verhoudingslewe mag wees. Die opmerking van Carl Jung, "The suffering soul is the soul that has not discovered it's meaning yet" (Zohar,2000:166) kry in die konteks van die studie 'n nuwe betekenis, omdat 'n Christen duidelik mag voel dat die bestaan van die dissonans juis op hierdie vlak dui op 'n geweldige leemte in sy of haar lewe wat hulle emosioneel mag aftakel. Dit is moontlik dat dit uiteindelik ook op hulle fisieke dimensie 'n invloed mag hê, synde die gevolg van opbouende spanning as gevolg van skuldgevoelens, of 'n gevoel van ontoereikendheid.

In die onderhoud het dit telkens aan die lig gekom dat die dissonans gesien word as deel van 'n proses. Christene moet geestelik groei. Die tempo van die groei en die kwaliteit wat beleef word in hulle verhouding met Christus mag die belewenis van die dissonans beïnvloed. *"Kyk dit genereer mos skuldgevoelens. Die wat daarvan bewusraak voel baie keer skuldig en sommige dalk nie, hulle is nie bewus daarvan (dissonans) nie. Daar is nie regtig 'n gaping nie. Ek doen net wat van my verlang word. Ek dink baie keer dit gaan oor godsdiens en nie 'n verhouding nie"* (Respondent se reaksie-Appendix A). Dië reaksie van 'n respondent bring 'n belangrike aspek van die Christen se godsdiens belewenis na vore naamlik, is dit 'n godsdiens of is dit 'n verhouding wat hy beleef? Die antwoord hierop is bepalend vir sy belewenis van die dissonans. Geloof is nie maar net deel van 'n Christen se lewe nie. Daar behoort nie sprake van 'n lewe en 'n geloofslewe te wees nie. 'n Mens is 'n gelowige en dit beïnvloed jou lewe of 'n ongelowige en dit beïnvloed jou lewe. 'n Christen se verhouding met God kan nie deur hom aan- of afgeskakel word, na gelang van sy subjektiewe behoefte nie. Daarom is geloof 'n faset wat elke dimensie van sy lewe raak

4.3.4 Dimensionele impak

'n Verder weselike bydra wat PPL kan maak is om Christene nie net bewus te maak van waar die belewenis van die dissonans vandaan kom nie, maar ook om die impak daarvan op al die dimensies van menswees raak te sien. Hier word verwys na die geestelike dimensie, fisieke dimensie, emosionele dimensie, intellektuele dimensie, sosiale dimensie en omgewings- en werksdimensie.

Die mening word gehuldig dat baie van die siektes wat mense vandag beleef 'n emosionele oorsprong het. In die PPL omgewing word daar een tree verder gegaan en word die mening gehuldig dat nie die emosionele dimensie nie, maar die geestelike dimensie antwoorde kan gee vir baie siektes (fisiek) van ons dag. Van der Merwe (1999:32) gaan so ver om te skryf dat “dit min sal help om simptome van die liggaam se siekteproses te behandel sonder om die dieperliggende siekte van die gees ook te behandel”.

Sy deel die siektetoestande in vier kategorieë in:

- Selfbeperkende infeksies
- Psigosomatiese siektes
- Chroniese siektes
- Akute siektes.

“Chroniese of aanhoudende akute siektes soos infeksies asma-aanvalle in die liggaam is byna altyd 'n manifestasie van die siekte van die gees” (1999:32). Oormaat skuldgevoelens kan aanleiding gee tot 'n gekrenkte gees. Die onderstaande grafika kan verdere lig werp op die ervaring van die dissonans by Christene en die moontlike gevolge daarvan.




Figuur 2. Dissonans - "Dis-ease" voorstelling

Hierdie belewenis van 'n dissonans of te wel ook "dis-ease" kan letterlik beskryf word as geestelike siektes (depressie, stres, vereensaming), emosionele siektes (woede buie, moedeloosheid), of fisieke siektes waarby trauma nie ingereken word nie (kanker).

Deur Christene net bewus te maak van die moontlike gevolge wat hulle mag beleef indien hulle hierdie dissonans ignoreer of die impak daarvan wil afmaak, word hulle bemagtig en gemotiveer om opnuut na hulle oortuigings te kyk en dit te herevalueer. Hier word na Ellis (1971), die vader van Rationele Emotiewe Gedragsterapie, verwys. Sy benadering sou Christene kon help deur te vra of hulle werklik oortuig is van dit wat hulle sê hulle glo. Hierdie "paradigm beliefs" sê Ellis, het 'n direkte invloed op die keuses wat ons maak. Ellis sê: "People can change their lives by changing their thinking". 'n Denkrigting wat reeds in 1892 deur William James aan die orde gestel is (Knaus,1997:59ev.). Ellis het met sy "ABCDE" model (S/A=Stimulus / Activating event. B = Belief window R/C =Response /consequences. D = Disputing irrational believes /paradigm. E= Effect of your re-evaluation irrational beliefs) die grond voorberei vir verdere ondersoek na moontlike antwoorde wat mens sou kon help om sy optrede te evalueer.

Sou Covey (1992:71) se "proactive" benadering geneem word en met Ellis se "Power of Choices" model saamgelees word, het ons 'n kragtige benadering waarmee gedrag ondersoek kan word. Die model kan skematies soos volg voorgestel word:



Figuur 3. Ellis se "Power of Choices" en Covey se "Proactive" model.

(Smith DPJ:2000, Uitdeelstuk PPL –Kursus RAU)

Persone raak oortuig van dit wat hulle as die waarheid aanvaar. Oortuigings ten opsigte van hulle kernwaardes is hier in die kollig. Dit kan positief of

negatief inwerk op gedrag. Hierdie oortuigings word gereeld deur verandering in die samelewing uitgedaag en getoets. Dit speel 'n groot rol in mense se persepsies en in die prosesse van 'n veranderende samelewing. Dit kan natuurlik ook net so gevaarlik wees indien dit rigied en eng is, maar selfs dan beskik hulle oor 'n anker van waaruit (instrument waarmee) hulle verandering kan hanteer. Hierdie innerlike oortuiging is dit wat Christene uiteindelik help om waardegetrou te lewe.

4.3.5 Beginselgesentreerde Leierskap.

Die oortuiging van Christene om beginselgesentreerd te lewe vind baie sterk aanklank by riglyne wat PPL deurgee om sinvol te lewe. Wat is dit waaraan Christene hulle anker? Dit is primêr hulle waardes. Hoe kan hulle dit doen? Deur hulle oortuigings te toets (byvoorbeeld aan die hand van Ellis se model) en dan te weet hierdie toets sal meer as een keer geslaag moet word. Hier bied Covey se uitgangspunt van "Principle Centred Leadership" nog 'n vas-houplek in 'n voortdurende veranderende samelewing. "Initially you may live in a hostile environment. You'll have to get your security primarily through your own integrity to your personal value system, rather than from outside reinforcement. This will take great courage; it will also take great empathy and great patience. It is a process, not a quick-fix approach. In spite of all the success literature to the contrary, there is no easy way out of getting what we desire in some simplistic formula" (1992:305).

In hierdie aanhaling onderstreep Covey twee standpunte wat ook uit die fokusgroeponderhoude na vore gekom het. Eerstens, dat 'n mens deurgaans daarvan bewus moet wees dat ons deel van 'n proses is ook in ons geloofsverhouding met God. Hierdie proses moet gesien word as 'n groeiproses. Tweedens verwys Covey na "great empathy". Die groepe het verwys na "accountable partners". Christene wat ernstig is met hulle geloof, sal ook ernstig wees met hulle omgee vir mekaar. PPL waarsku hier wel dat daar net sprake van sinvolle interpersoonlike verhoudinge kan wees, indien daar sprake van sinbelewenis op persoonlike leierskapsvlak is. Covey verwys na "...get your security through your own integrity..."(305)

4.3.6 Keuses

Hierdie is so 'n kort woordjie, maar met geweldige gevolge. Keuses of besluitneming en die gepaardgaande verantwoordelikheid bly sekerlik een van indien nie diè belangrikste rede vir die bestaan en belewenis van die dissonans tussen die waardes wat Christene huldig en hulle gedrag nie. Die oorbekende aanhaling van Charles Swindoll "Life is 10 persent what happens to us and 90 persent the way we react to it" se wortels lê diep geanker in die laaste van alle menslike vryhede, die reg om te kan kies. "Christene", skryf Maxwell, "is nie slagoffers van omstandighede nie, maar omstandighede dwing ons om ons ware kleure te wys" (vertaal -1997:141).

In sy boek verwys Glasser (1998:3) na die groot invloed wat keuses op ons lewens het. "...for all practical purposes, we choose *everything* we do, including the misery we feel. Other people can neither make us feel miserable nor make us happy. All we can get from them or give them is information. It goes into our brains where we process it and then decide what to do". PPL vra dan van die individu om saam met die keuses wat gemaak word die verantwoordelikheid vir die keuses te neem. In 'n geloofskonteks kom hier 'n radikale ander dimensie by. Verkeerde keuses dui hier op besluite wat teen die wil van God indruis of te wel, wat die waardes wat die Bybel ons leer versaak. Dit is nie moontlik vir 'n mens om hom- of haarself los te wikkell van die besluite wat hy geneem het nie. Die Bybel leer dat Jesus Christus hierdie gevolge van verkeerde keuses, of te wel sonde op Hom geneem het. Heel-party respondente het hierna vewys as die een enkele daad wat Christene bemagtig om die dissonans en die impak daarvan op hulle lewe te hanteer. Die keuse wat wel gemaak moet word is om die optrede van Jesus Christus in jou lewe te aanvaar al dan nie. Eers dan kan daar sprake wees van vrymaking, of in teologiese taal sondevergifnis. In die PPL-wêreld is vergifnis ook nie 'n onbekende konsep nie. Vergifnis beteken dan vir die Christen dat hy of sy vrygemaak is (mens sal selfs die term bemagtig kan gebruik) om die regte keuses te kan maak. Dit gaan hier om meer as kennis van wat reg of verkeerd is. Dit gaan oor heling wat deel van die proses uitmaak en eintlik bemagtiging voorafgaan.

4.3.7 Begin with the end in mind

Hierdie beginsel is die derde van Covey se "Seven Habits". Dit bly ten diepste 'n vraag na die geestelike dimensie. "Waarheen is jy met jou lewe oppad?" Alle Christene het 'n duidelike perspektief wat uitstekend verwoord is deur Teilhard de Chardin, "We are not human beings with a spiritual experience, we are spiritual beings with a human experience", ten einde sinvol op die eksistensiële vraag, "waarom is ek hier?" te kan antwoord. "Why is the question that calls us to meaning" (Cashman,2000:63), maar elke mens ook kan antwoord *waarmee* is ek besig en *hoe* doen ek dit? "Purpose is present in *how* I show up" (65). My waardes gaan hierdie "how" determineer. Christene se fokus is om tot eer van God te lewe. Hoe duideliker hierdie fokus hoe makliker om by die waardes wat hulle huldig te hou. PPL onderstreep die groot belang van die lewensdoel wat elke individu in sy of haar lewe nastreef. Cashman skryf verder, "Purpose may be the only adequate protection we have to ensure that we rise above our circumstances" (67). Dit is juis hierdie omstandighede wat volgens die reaksie van die deelnemers Christene kompromieë laat aangaan met hulle waardes en hulle optredes. 'n Duidelike lewensdoel gaan Christene help om te fokus op dit wat werklik saakmaak. In die chritelike literatuur word die aspek duidelik aangespreek deur Rick Warren in sy boek getiteld: Purpose driven live .(2002)

HOOFSTUK 5

SAMEVATTING, BEVINDINGS, GEVOLGTREKKINGS, AANBEVELINGS EN VERDERE NAVORSING

5.1 SAMEVATTING

Die postmoderne samelewing is die konteks waarin Christene hulle elkeen op hul eie unieke manier handhaaf. Vanuit die fenomenologie is gesuggereer dat Christene 'n dissonans mag beleef tussen dit wat hulle as waardes huldig en hulle ooreenkomstige optrede. Die uitdagings waarvoor die kerk en in die besonder die NG Kerk oor die afgelope dekade te staan gekom het, het die probleem geaksentueer. Die klem het duidelik geskuif van 'n "societas" omgewing, waar daar kollektief gehandel is na 'n "communitas" omgewing, waar die individu en sy besluitneming baie sterker op die voorgrond tree. Lidmate is en sien hulleself as mondig. Hierdie nuwe "verwysingsraamwerk" of milieu waarin die kerk hom tans bevind gee ten regte of ten onregte (die meriete word nie gedebatter nie) baie meer vryheid vir die lidmate om self besluite te neem. Met die studie is daar gepoog om die bestaan van sodanige dissonans te bevestig en moontlike oplossings aan die hand te doen vanuit die PPL vakgebied, wat lidmate sou kon bemaatig om die uitdagings van die probleem op te neem. Dit moet lidmate in staat stel om opnuut na die waardes wat hulle huldig te kyk, want besluite wat hulle maak bring soms die waardes wat lidmate huldig in gedrang.

Met die beperkte omvang van die studie inaggenome, wil dit voorkom of hierdie vermoede vir die bestaan van 'n dissonans ten minste vir Christene wat lidmate van die NG Kerk in Johannesburg is, waar is. Lidmate van die kerk beleef die bestaan van hierdie dissonans in hul lewens. Hierdie fenomeen is nie net erken nie, maar sou ook in 'n opvolgstudie breedvoerig beskryf kon word omdat die impak daarvan wyer mag strek as wat vermoed word.

5.2 KERNBEVINDINGS

Van die respondente het hier, met die erkenning van die bestaan van die dissonans, verwys na 'n groeiproses. In die proses slaag Christene nie daarin om die dissonans op te hef nie, maar word die gaping wel oorbrug deur die verlossing van Jesus Christus in die finale instansie. Hy oorbrug nie net die dissonans nie, maar bevry Christene veral van die negatiewe impak daarvan op hulle lewe. Dit is nie net 'n bevryding *van* nie, maar wel ook 'n bevryding *tot*. Hier word aangesluit by 'n aanhaling van Einstein "We are or become those things which we repeatedly do. Therefor excellence can become not just an event, but a habit" (Clemmer en McNeil, 1989:91). Christene pak hierdie uitdaging aan met erkenning van hulle afhanklikheid van God, maar ook erkenning van hulle eie verantwoordelikheid om nie terug te diens vir dit wat as uitdagings na hulle kant toe kom nie.

Christene beleef hierdie dissonans enersyds omdat hulle seker is oor wat waardes is en wat die omvang daarvan in die samelewing is. Die respondente is dit ook eens dat daar waardes bestaan wat universeel geldend is. Hulle is verder ook nie onkundig oor die kernwaardes van die Christelike geloof nie. Hier word veral na die Bybel verwys as die primêre kennisbron van die waardes gehuldig, maar die gesin word baie duidelik uitgelig as die omgewing waarbinne veral kinders vir die eerste keer in hulle lewens, maar ook volwassenes, mekaar kan aanmoedig in die uitleef van die waardes wat as riglyne in hulle lewens geld.

Aan die anderkant word daar vanuit die leefwêreld waarbinne Christene hulle bevind, beleef dat hulle kompromieë aangaan omdat die verwagtinge van die samelewing buite die waardesisteem van Christene lê. Hoewel hulle hieroor sou kon rasionaliseer aanvaar hulle dat die finale besluit, ten opsigte van hulle gedrag, tog by hulleself lê. Hierdie dissonans maak skuldgevoelens by hulle wakker. Tog is hul belewenis nie soos te wagte was dat dit hulle moedeloos of neerslagtig laat nie, maar eerder dat hulle dit as deel van die werklikheid erken (gebroke werklikheid).

5.3 GEVOLGTREKKING

Dat die studie die bestaan van die dissonans tussen die waardes en gedrag by Christene bevestig het, was teen die lig van die ervaring uit talle gesprekke met predikante en lidmate individueel oor die afgelope aantal jare te wagte. Dit is ook opmerklik dat daar by lidmate wat deel van die fokusgroepe was geen onsekerheid bestaan oor die waardes wat gehuldig word en waar dit vandaan kom nie.

Wat wel opmerklik is, is dat die bestaan van die dissonans lidmate nie tot moedeloosheid of 'n ervaring van mislukking stem nie, maar dat hulle dit oorwegend as 'n groeiproses sien. Verder is dit deel van die uitdaging waarmee Christene elke dag te kampe het. Die oorwinnings wat behaal word wanneer die regte keuses gemaak word (met ander woorde, kongruensie tussen waardes en gedrag) verleen momentum in die proses en word ook as groei in karakter beleef. In PPL taal sal dit beskryf word as Persoonlike Leierskap. Hierdie oorwinnings word steeds in afhanklikheid van die Heilige Gees beleef. Christene is nie selfgenoegsaam in die proses nie. Dit is ook opmerklik dat daar oor die generasies of geslagte heen nie noodwendig gedifferensieer kan word nie. Tog word hier erken dat die omvang van hierdie studie wat diè aspek betref uiters beperk is en dat hier dalk ook 'n leemte bestaan wat verder ondersoek kan word.

Die grootste bate van die studie is om te beleef dat lidmate wat erns maak met hulle geloof suksesvol kan wees in hul pogings om die dissonans algaande te minimaliseer. Die wêreld "daarbuite" staan maar tē gereed om hulle gedurig aan hul foute te herinner. Ten spyte hiervan is hulle gelukkig omdat die mens nie die deurslaggewende party in die verhouding tussen God en mens is nie, maar wel God.

Uit die studie word daar tot die gevolgtrekking gekom dat respondente veral op vier fokuspunte sou wou fokus om hulle te bemagtig om die dissonans en die gepaardgaande uitdagings wat die dissonans te berde bring te oorkom. Hierdie vier fokuspunte wat uit die fokusgroeponderhoude aan die orde

gestel is, is: 1) Skuldbelydenis. 2) Gebed. 3) "Accountable partnership". 4) Verantwoordlike keuse uitoefening. Al vier hierdie konsepte is nie vreemd vir die PPL student nie, omdat die onderliggende beginsels goed tuishoort in die PPL vakgebied. Daar kan daarom gemaklik vanuit die PPL omgewing aanbevelings gemaak word, wat lidmate sou bemagtig om die impak van die dissonans te hanteer sonder om 'n groot koersaanpassing te maak.

5.4 AANBEVELINGS

Die vraag is: "Wat kan vanuit die PPL studieveld gedoen word om die dissonans te oorkom?" Het PPL iets te sê vir Christene wat die dilema in hul lewens moet hanteer? Beslis.

- Realiteitsbewusmaking bring die mens onder die indruk dat hy of sy hulle in 'n onontkombare werklikheid bevind wat noodwendig eise aan elke individu stel. Wat vir Christene belangrik is, is hoe die werklikheid op hulle inpakkeer en hoe hulle daarop reageer. Hulle persepsies van die werklikheid en hoe na dit aan 'n werklikheidsgetroue beskouing is het 'n baie groot invloed op hulle belewenis van die werklikheid, waardes en hulle gedrag.
- Persoonlike leierskap stel ons bekend aan die beginsel van; "Inside-Out". Die beginsel maak dit duidelik dat die eis van kongruensie Christene ernstige vrae oor hulle ooruigings en gedrag sal laat stel. Die beginsel stel dit onomwonde dat die Christen hom- en haarself sal moet afvra; wat is ten diepste hulle oortuigings? Dan moet hulle daarvolgens lewe.
- Interpersoonlike Leierskap verwys na die onderlinge verantwoordelikheid wat Christene vir mekaar kan aanvaar. Dit is gebaseer op goeie kommunikasie en onderlinge vertrouwe. "Accountable partnerships" waarna die fokusgroepe verwys het kom hier te berde.
- Beginselgesentreerde leierskap, maak Christene bewus van die waardes waaraan hulle hul anker. Elke Christen moet persoonlik verantwoordelikheid vir sy of haar eie lewe aanvaar. Hierdie aspek sluit aan by persoonlike leierskap, maar verdien op uitgelig te word as 'n belangrike deel van die toerusting om die dissonans wat bestaan teen te werk.

- Die feit dat PPL met 'n holistiese benadering werk verseker dat die omvang van die dissonans in elke dimensie van menswees uitgespel sal word. Vir te lank was veral die teologie vasgevang in die greep van 'n simplistiese beskouing van menswees, naamlik die liggaam-siel dualisme wat van Plato oorgeërf, en deur Paulus geaksentueer is. Hierdie vertrekpunt van PPL dui daarop dat elke dimensie van menswees blootgestel is aan die impak en gevolge van die dissonans in hulle lewe.
- Keuses. Dit is een van die gegewe werklikhede wat geen mens in sy lewe kan ontkom nie en dit gaan gepaard met die verantwoordelikheid vir die keuses wat uitgeoefen is. Selfs die besluit om nie 'n keuse uit te oefen nie, is 'n keuse, met gepaardgaande gevolge. PPL kan Christene begelei om ingeligte en verantwoordelike keuses te kan maak.
- Laastens "Begin with the end in mind" (Covey, 1994). Hierdie beginsel kan Christene help om nie 'n gevangene van die werklikhede om hom of haar te wees nie, maar sy of haar ervaringe te transendeer deur die uitdagings wat opduik aan die hand van hulle waardes te hanteer, omdat hulle doelgerig lewe. Die feit dat Christene met die konsep van 'n ewige eindbestemming lewe, werp natuurlik 'n heeltemal nuwe lig op hierdie vertrekpunt.

5.5 VERDERE NAVORSING

Met verdere navorsing sou 'n studie gemaak kan word van wat die lidmate se belewenis is van die dissonans op die verskillende dimensies, geestelike-, fisieke-, emosionele-, intellektuele-, sosiale- en beroeps- en omgewingsdimensie. Die vraag sal ook gevra kan word, beskik die kerk oor leierskap enersyds of oor die wil andersyds om die probleem aan te spreek?

Daar bestaan nie veel twyfel dat die tema van die studie tentakels in alle fasette van menswees het nie. Nie net vir die godsdienste nie, maar vir bykans elke stukkie leefwêreld waar 'n mens hom of haar mag bevind. In die sportwêreld, gaan 'n persoon se diepste oortuigings sy gedrag (prestasies) beïnvloed. In die bemarkingswêreld kan die vraag gevra word; wat is dit wat mense sal beweeg om 'n produk te koop? (diepste oortuigings). In die politiek,

hoe gaan kiesers beweeg word om vir 'n party te stem? Op onderrigvlak; wat is dit wat gedoen moet word om leerders by intrinsieke motivering uit te bring?

Predikante moet lidmate in hierdie proses van geestelike groei begelei. Dit is verder deel van hulle verantwoordelikheid om lidmate toe te rus en te bemagtig om die impak van die dissonans op hulle lewens te herken en te hanteer. Daar moet by die predikantself eers duidelikheid bestaan oor die omvang en impak van die dissonans wat hy- of syself sowel as sy lidmate beleef. Sou lidmate inkongruensie by die predikant bemerk sal hulle hom of haar nie vertrou om hulle op die dissonans te wys of deur die proses te begelei nie. Om die predikant hier te bemagtig kan 'n hele nuwe studie op sy eie wees.

5.6 SLOTOPMERKINGS

Dit was die oogmerk omvan die NG Kerklidmate in Johannesburg se persepsies en belewenis van hulle gehuldigde waardes te ondersoek. Lidmate se gedrag behoort te korrespondeer met hulle waardes. Die konteks waarbinne PPL en die kerk werk is oorvleuelend. Die verhouding wat tussen die kerk en PPL tot stand kan kom kan uiters verrykend vir beide wees. Waar die kerk in 'n toenemende veranderende wêreld soms sukkel om die waarheid wat die Evangelie bring in eietydse konteks te verwoord, bied PPL uitstekende instrumente en geleenthede om die kerk aanvullend by te staan. Aan die anderkant is dit wat die kerk oor eeue heen verkondig en op berus, dieselfde waardes wat PPL nastreef.

Die bydra wat PPL kan maak om Christene in breër verband as net die NG Kerk by te staan is ook omvangryker as wat in die studie aan die orde gestel is. Tog bestaan die oortuiging dat hierdie beperkte bevindinge en aanbevelings lidmate bemagtig met 'n erkenning van die uitdagings as deel van die groeiproses van geloof in hulle lewe.

	APPENDIX A
	Groep een:
1	CM: Ons gaan vanaand met mekaar saamgesels oor waardes. Ek wil
2	afskop deur vir jou te vra dat jy aan die konsep waardes dink – wat is
3	waardes?
4	UK: Hmm. Waardes is dit is wat die woord sê, dit wat vir jou waardevol
5	is. Dit wat jy in jou lewe as belangrik beskou, gekoppel aan wat vir jou
6	reg of verkeerd is.
7	SD: Sê 'n fondament. Dit is vir my soos 'n fondament, dit waarop jy
8	bou. Dit gee standvastigheid.
9	CM: Goed. OK dit lê vir jou onderliggend aan jou optrede. Is ek reg ?
10	Groep :Ja.
11	LK: Ek dink waardes sê ook vir 'n mens, of wys vir jou wie jy is.
12	Hmm. Ja. Jy is wat jou waardes is.
13	CM: Ek dink dit is belangrik... 'n belangrike perspektief en dis nogal
14	mooi gestel met ander woorde daar kan 'n sekere stel waardes
15	bestaan wat nie noodwendig vir ander mense nie, maar vir jou
16	belangrik is. Of andersom.
17	LK:Hmm.
18	CM: Is daar universele waardes wat oral geld?
19	UK: Ek dink daar is. Ek dink net mense ontken dit.
20	CM: Kan julle vir my 'n paar dalk noem – universele waardes ?
21	CD: Ek dink een wat ek aan kan dink is dat 'n mens ouer mense
22	respekteer. Vir julle ouers en eiendom.
23	CM: Sal julle sê wyer as net ouer mense ?
24	UK: Respek vir lewe.
25	CM: Wat is onderliggend aan waardes, die waardes wat ons hier
26	huldig? Of wat is die fondament van ons eie waardes ?
27	MK: Ons geloof.
28	CM :OK. Ons geloof in Christus. As ons daarna kyk, waar kry ons
29	daardie waardes ?
30	NK: Uit die Bybel uit.
31	CM: Is daar spesifieke gedeeltes in die Bybel waar ons kan sê maar
32	daardie gedeelte, dit is waar ons ons waardes uit aflei ?
33	SD: Ek dink....ek dink mens sal kan sê die hele Nuwe Testament.
34	HP: Ja.
35	SD: Dit is nie net waardes nie, maar dit is voorskrifte bepalings,
36	hmm leringe.
37	CM: SD noem vir my dele as jy na die Nuwe Testament kyk, jy vir my sê
38	daar lees ek dit.
39	SD Hmm.... Ek weet nie of die vrugte van die Gees dalk deel
40	daarvan is nie, en dalk die gawes, gedeeltes waar Christus vir ons 'n
41	voorbeeld is.
42	CM: Nog gedeeltes uit die Bybel uit spesifiek waar die Woord vir ons
43	sê...UK?
44	UK: Die gedeelte van die Woord waar die Here vir ons sê dat ons God

45	moet liefhê en jou naaste soos jouself en ek dink dis vir my die basis
46	alles moet daaruit kom.
47	CD: Die Here verwag van ons om 'n 'servant' te wees,
48	dienskneg vir die Here, Christus het gekom om 'n 'servant' te wees.
49	NK: Ek dink 'n deel wat vir my ook uitstaan is die waarde wat die
50	Here heg aan die gesinslewe en hmm so .. ja hmn. Gedeeltes...
51	Efesiers en in Korinthiers waar die Here met verwysing na die huwelik ...
52	waar daar staan dat die Christelike huwelik anders is as wat die wêreld
53	verwag. Daar is ook ander versies wat van ons verwag om beskeie te
54	wees.
55	CM: Tot watter mate is ons suksesvol in die voluit uitleef van die
56	waardes?
57	SD: Ek dink in die mate waartoe ons in Christus is, hoe minder ons
58	selfgesentreerd is en meer Christus gesentreerd lewe hoe nader kom
59	ons aan ons waardes. Hoe verder ons daarvan wegbeweeg, hoe
60	minder is ons suksesvol.
61	CD: Wanneer ons elke dag ons lewe oorgee aan die Heilige Gees, as ons
62	meer Geesvervuld is in ons lewe, wanneer ons die Heilige Gees meer
63	van ons lewe gee en ons net Christus vertrou in ons lewe.
64	CM: CD sê 'n belangrike ding. Hy sê dat ons eindlik in Christus dit
65	kan doen, dit is wat jy sê ?
66	CD: Hmm.
67	CM:.... Omdat Hy vir ons die krag gee. Nou wil ek vir julle vra: Is die ... is
68	die mikpunt, die doelwit nie te hoog as ons kyk na die wêreld se
69	belewenis van ons waardes nie ?
70	SD: Maar die Bybel sê as ons swak is, is Christus sterk. As ons
71	beseft ons is swak is ons op die regte plek. Ons moet weet ons is
72	afhanklik.
73	TN: Die Bybel gaan heeltyd van die veronderstelling uit dat ons
74	nie in eie krag moet lewe nie Paulus skryf juis dat ons moet die
75	gesindheid hê wat daar ook in Christus was. Streef na die dinge wat
76	daarbo... is dis dit moet heeltyd onderneem word, dat dit kan behaal
77	word.
78	UK: Net... net 'n teenvraag sal wees, as daardie waarde te hoog is
79	waar gaan jy dan die waarde sien en sê dis haalbaar, dit gaan vir almal
80	verskil.
81	CM: Dit is die vraag wat ek vra. As dit die haalbare een is, kom ons
82	stel dit as 'n vertikale lyn wat so loop, hierdie een wat op loop en die een
83	wat uitloop dan is die vraag wat ek vra, miskien moet ons 'n bietjie
84	wyer dink as onself. Kry Christene dit reg om daardie waardes so uit te
85	leef ? Of beleef hulle dat daar 'n gaping is tussen wat hulle sê hulle glo
86	en wat hulle doen? Is daar 'n " gap"?
87	CD: Ek dink daar is een, maar ek dink dit is 'n proses. Dis soos wat die
88	Here die heeltyd besig is om met ons almal te werk. Ek dink vir elke
89	persoon is dit 'n ander area in sy lewe waar die Here met hom besig is
90	met ons almal. En ek dink dit bly 'n proses.
91	CM: Ek wil so 'n bietjie praat hieroor, want dit is juis wat vir my belangrik
92	is. As ons dan vir mekaar sê dat waardes nie altyd tot sy reg kom nie

93	en my optredes dit bevestig . Hoe beleef Christene die gaping ? Ons
94	het 'n mooi woord daarvoor, die dissonans?
95	TN: Ek dink dis maar die pad wat jy loop soos hoe sal ek kan sê?
96	...ja as jy tot bekering kom sal jy nie dadelik daarso begin llop en op daai
97	lyn (vertikale) kom nie. Jy werk jousef op.
98	CM: In daai proses TN waar jy jou self opwerk- hoe voel jy ? Hoe voel jy ?
99	TN : Nee. Ja dis iets wat jy wil bereik ek dink nie jy....ja ek het dit nog
100	nooit ervaar dat 'n stryd het met dit wat die Bybel sê ek moet doen nie
101	of dis nie vir my nie. Ek sê ja "cool"
102	CM :Kry jy dit reg ?
103	TN : Soms ja soms nee.
104	CM: Wat doen jy met "soms nee"...dis die vraag wat ek vra. Hoe voel jy
105	as jy by "soms nee" uitkom.?
106	TN: Dis ja....Somtyds het dit al gebeur dat ek partykeer ontdek dat my
107	fokus bietjie af is of so, dan moet ek weer regkom.
108	SD: Wat die Bybel dan van praat is "ek span my in " en ek strewe.
109	Dit... dit wys na aksie.
110	CD: Ek weet nie vir my is daai "gap"...dis vir my in die eersteplek nie 'n
111	negatiewe "gap" nie ons vat onself heeltemal te ernstig op as
112	Christene. Ons kyk na...ons dink ons is mislukkings. God is 'n
113	genadige God. Vir my is daai "gap" juis God se genade. Ja ek kan nie
114	daai "gap" miskien toemaak nie, tot aan die einde van my lewe nie.
115	Miskien as ek eendag kan sal ek wees wie Christus wil hê ek moet
116	wees, maar vir my is dit Sy genade. Ek hoef nie negatief te wees nie.
117	Vir my is dit eerder motivering en dis vir my eerder 'n
118	lofprijsing om te sien dit wys ons juis op God se genade dat ten
119	spyte daarvan, is ek nog steeds gekies is ek nog steeds Sy kind
120	en ek hoef nie bekommerd te wees nie. Die ander ding is ek hoef nie
121	onder skuldgevoel te leef en ek hoef nie myself te wroeg en te ... omdat
122	ek nie die doelwit behaal nie. Christus is nie iemand wat... vir my is Hy
123	nie. Iemand wat daar staan met 'n sweep en as jy nie al die toetse slaag
124	Hy jou sal kom slaan nie, maar eerder help en nader aan Hom trek.
125	CM: Sal jy sê dat ouens wat wroeg bring dit oor hulle self ?
126	CD: Ek dink... ek dink hulle Christenskap is 'n godsdiens wat nie om 'n
127	Persoon gebou is nie. Dan is dit net 'n klomp reëls en regulasies wat
128	regoor die wêreld- Moslems Bhudiste- almal streef net om te kan nakom
129	en ek dink die stres is presies dieselfde vir almal dan. In 'n persoonlike
130	verhouding is God se genade... spreek dit my vry. Dit is nie 'n
131	verskoning om te sondig nie ja maar daar is vryspraak.
132	CM : My laaste vraag wat ek vir julle wil vra, as 'n mens die gaping
133	beleef, hoe gaan jy dit oorbrug, hoe gaan jy dit regmaak ? Wat kan
134	Christene konkreet doen, om jou gedrag en waardes nader aan
135	mekaar te bring ?
136	LK: Ek dink wat baie goed werk is 'n "accountability partnership".
137	CM : OK.
138	LK: Om met iemand te deel om te sê " Ek wil graag hierin groei"...en
139	Hmmn... Om die Here regtig te vra om jou te help. Hy ken jou hart Hy
140	weet hoe om jou te help om daarby uit te kom. En die Heilige Gees te

141	vra om jou te help. Ek dink vriende is 'n baie groot ondersteunings-
142	netwerk., jou kerk, boeke wat 'n mens lees. Maar ek dink
143	eerste bid.
144	HP: Soos hulle sê in Engels "practice what you preach" As jy kan
145	doen wat jy propageer en preek, moet dit nie net woorde wees nie om
146	daai waardes wat gevestig is in Christus te laat uitkom en ...hoe kan ek
147	dit stel, moet jy dit kan doen wat jy sê. Vir wie jy dit ookal sê.
148	CD: Vir my is daar nog 'n ding wat bykom en dit werk persoonlik vir my.
149	Vir my is dit sondebelydenis. Want as ek nie my sonde bely nie, voel
150	ek nog steeds skuldig oor dinge wat ek jare gelede al gedoen het en die
151	Here het my vrygespreek. Ek dis vir my ook manier om die "gap" te
152	oorbrug. Nie net die sondes te bely nie, en te sê ek is jammer nie,
153	maar om aktief dan te werk daaraan om dinge reg te maak. Ek dink
154	sondebelydenis is baie belangrik.
155	NK: Ons voel skuldig baie keer oor goed wat gebeur het. Ons vergewe
156	onsself nie. Ons dra daardie goed in ons eie rugsakke saam.
157	CM: Nog iemand wat iets hierby wil sê ? UK ?
158	UK: Ek noem maar net, daar sal altyd daai "gap" wees, maar ek stem
159	saam met wat LK gesê het 'n mense moet jou kan help en self
160	Hmmn... omdat dit 'n leerproses is, is daar selfevalusie ook . Jy moet
161	soms sê;" maar ek het nou geval". Jy hoef nie skuldig te voel nie jy moet
162	aanvaar die Here het my vergewe. Sy genade is groot, maar wat kan ek
163	wat kan ek volgende doen ? Hmmn om meer te wees wat Christus vir
164	my vra om te wees? So 'n bietjie selfrefleksie, selfevaluasie dis 'n
165	voortdurende leerproses hmmm om daarby te kom.
166	CM: Dink julle die meeste Christene erken daai gaping?
167	SD: Ek dink in 'n sin. Dis soos jy sê, 'n dissonans.
168	CM: Dissonans ja.
169	SD: Met ander woorde dit is 'n outomatiese wroeging want elkeen wat die
170	Here ken moet tog weet en as jy weet waar's die verwagting en jy lewe
171	nie daarby nie, dan gaan dit jou kap as jy dit nie erken nie kan dit jou
172	onderliggend vat, maar dit gaan jou kap. Of jy of dit nou 'n duidelike
173	geestelike aggressie is of wat ookal, dit gaan jou vat.
174	CD: Ek dink hulle weet nie wat om daarmee te maak nie. Ek dink hulle
175	weet daar is iets maar hulle weet nie hoe hanteer ek dit hoe beleef ek
176	dit hoe hanteer ek my sondes.
177	SD: Ek dink ook nie die duiwel is stadig om dit jou daarop te wys nie.
178	Ek dink hy wil hê dat jy 'n mislukking moet voel. Hy gaan dit die healtyd
179	voor jou gooi. Ek dink daarom... ek dink dit is 2 Kor 5:2 wat sê; " neem
180	elke gedagte gevange en maak dit gehoorsaam aan die Woord " As
181	ons dit weet - ons hoef nie meer daardie gedagte te hou nie - en ons is
182	eindlik los en wat om met daardie gedagte te maak, dan sal so baie
183	mense nie meer 'n leuen vervul nie.
184	CM: Ja dis waar.
185	UK: Kyk dit genereer mos skuldgevoelens. Die wat daarvan bewus
186	raak voel baiekeer skuldig en sommige dalk nie, hulle is nie bewus
187	daarvan nie. Daar is nie regtig 'n gaping nie. Ek doen net wat van my
188	verlang word. Ek dink baiekeer gaan dit oor godsdienste en nie 'n

189	verhouding nie.
190	CM: Dis 'n belangrike ding, dit gaan oor godsdienste vir die meeste
191	mense en nie 'n verhouding nie. Baie dankie vir julle deelname aan die
192	bespreking.

	Groep twee:
1	CM: Dankie dat ek vanaand by julle kan kom kuier en vanaand met
2	julle kan kom gesels oor dit wat vir julle in julle lewe as belangrike
3	waardes bestaan of gehuldig word. Afskop, as jy aan waardes dink wat
4	is waardes ?
5	DP: My eerste gedagte bring my tot dit wat waarde het vir my ten opsigte
6	van ander mense en saam tussen ander mense.
7	CM: OK DP jy sal dit beskryf as gemeenskaplike onderlinge reëling
8	wat die gemeenskap bietjie kan orden as't ware verstaan ek jou reg ?
9	DP: Dit bestaan ook wanneer ek alleen is, maar dit vind juis uitdrukking
10	wanneer ek saam met mense is. So dit wissel van 'n deur oop te maak
11	vir 'n vrou, tot bloot om die goeie maniere te hê om betyds te wees vir
12	'n vergadering of 'n afspraak.
13	CM: OK, dis waardes. Inderdaad
14	MT: Ek dink waardes is ook iets wat jy aanleer hmn deur die
15	gesin waarin jy groot geword het die skool waarin jy was en die mense
16	wat, soos DP gesê het, die gemeenskap waarvan jy deelgeword het. Jou
17	waardes gaan verander soos wat jy grootword. Dit is waarskynlik
18	anders as hoe dit was vir jou grootouers. Ek dink dit is nie 'n ingebore
19	ding nie, dit is meer aangeleer
20	CM: Dankie MT ek dink dit is 'n belangrike ding wat jy sê.
21	PP: Vir my is dit bepaald belangrik om dankbaar te wees hmn vir
22	enige iets al is dit... vir enige iets. Jy moet net altyd dankbaar wees.
23	CM: Ja Ja . Dis 'n belangrike waarde vir jou , om dankbaar te wees. Dit
24	rig jou PP nê ?
25	PP: Ja! Ja!
26	MN: Ek ..ek dink wat vir jou baie goeie waardes gee is as jy 'n baie
27	goeie hart het. Soos MT het nou gesê dis iets wat jy moet aanleer, maar
28	as jy 'n goeie hart het dan kom dit vanself.
29	LB: Hmn. Ek dink ek stem aan die eenkant saam met MT in terme van
30	dat dit aanleer word 'n groot deel van dit wat jy op die ou end weet
31	en dit wat jy op die ou einde doen en dit wat vir jou belangrik is kom
32	tog van die omgewing af, maar 'n groot deel van wie jy is en wat jy as
33	belangrik beskou kom ook van binne af. Hmn.
34	CM: OK.
35	LB: Eee.. Ek weet nie ek dink party mense is van nature meer ordentlik
36	as ander mense. Party mense moet dit aanleer ander mense is...
37	nie in daai opsig so nie.
39	CM: Is daar universele waardes, waardes wat maak nie saakmaak waar
40	jy in die wêreld gaan gaan nie, gaan geld ?
41	DP Ja verseker die blote naasbestaan dwing dit eindlik af.
42	CM: OK. Kom ons raak 'n bietjie konkreet. Noem vir my 'n paar op die

43	naam.
44	DP: Nie te steel nie .
45	LB: Eerlikheid.
46	MT: Naasteliefde en selfliefde.
47	CM: Naasteliefde en selfliefde...
48	HP: Om ander mense iets te gun.
49	CM : Ja?
50	DP: Respek.
51	L-MN: Ja net eenvoudig uit ordentlikheid net "nice" te wees met
52	mense, "nice" te wees.
53	MP : Om mense te erken. Al is dit net deur hulle te groet.
55	CM: Menswaardigheid ?
56	Groep: Ja!
57	MP: Ek dink ook dat 'n mens se waardes verander soos wat jy
58	ouer word. En soos wat jy goed leer en dinge ontdek en bysit. Daar is
59	basiese waardes wat dieselfde bly maar daar is ander waardes wat
60	definitief.... ek weet nie miskien aanpassinges gemaak moet word, of
61	wat heeltemal verander in die sin dat dit miskien meer word, of dat dit
62	verdiep.
63	CM: Kan ek vir julle vra dat die waardes wat ons huldig, as ek praat
64	van "ons" bedoel ek "ons" wat hier in die groep sit, wat is onderliggend
65	aan daardie waardes ? Wat is die fondament waarop daardie waardes
66	berus ? Wat sal julle sê?
67	MT: Ek sal antwoord Hmmn. Ons almal wat in die groep is, is
68	Christene wat 'n verhouding met die Here het so ons waardes is gebou
69	op die Bybel en ons Christelike kerk.
70	CM: Ok Stem julle saam ? - met MT?
71	LB: Dit kan nie anders wees nie want... want jy strewende om soos
72	Christus te wees en noodwendig moet jy gaan kyk wat se
73	karaktertreke Hy het en... en hoe moet jy wees dis wat jy behoort te
74	wees.
75	MN: Dis juis die mense wat ek ken wat nie Christene is nie wat hulle
76	waardes verloor en hulle word erger en erger en hoe nader ek aan die
77	Here beweeg hoe meer sien ek nuwe waardes raak.
78	CM: Dankie MN. Ek wil julle nou bietjie vra om dit vir my skerper te
79	formuleer in die sin van as julle sê, " in die verhouding met die Here". Hoe
80	weet jy presies wat daardie waardes is wat die Here van ons vra ?
81	Waar kry jy dit as ons praat van menswaardigheid, respek vir ander en
82	eerlikheid, wat is die Christen se verwysingsraamwerk?
83	DP: In die Skrif.
84	CM: Die Bybel "yes" DP jy's reg. Nou wil ek vra nog verder in die
85	Bybel waar kry jy dit in die Bybel waar's waar....kom dit in die Bybel
86	voor ? Waar lees ons dit ?
87	LB: Is ons nou by Ex 20 ?! Die tien gebooe...
88	CM: Ek vra !
89	DP: Dis die mooiste opgesom daar. Dis baie duidelik en konkreet
90	daar opgesom. Die 10 gebooe maar ook verder saamgevat en verfyn
91	in die 2 gebooe en wat Jesus vir ons beveel in sy leringe.

92	LB: Jy sien plus..plus die Here het in ons ingebou, 'n ordentlike
93	skoot. Hmmn ...wat's reg wat's verkeerd. En jy weet "jolly" goed as jy dit
94	verkeerd doen. En jy weet as jy iemand nie goed behandel het nie
95	en jy weet as jy nie eerlik was nie en jy weet as jy die prent gevat het
96	wat jy nie moes nie. So dit... dit... dit lê rerig op 'n vlak van hmmn. Jy
97	weet wanneer jy nie reg opgetree het nie!
99	CM: OK, nou wil ek by LB ...of net dit wat LB nou gesê het hoor, stem
100	julle met haar saam? Christene weet dit... wat die waardes is wat
101	Christene huldig ?
102	DP: Ek wil so ver gaan en sê <i>alle</i> mense weet dit. Die ouens wat nog
103	nie Christene geword het nie, wil dit net nie erken nie, maar hy weet dit
104	net so goed soos ons.
105	LB: Hulle kies dit net nie.
106	DP: Ons is nou maar net eenmaal (ha ha) sondaars.
107	CM: Ok DP nou maak jy vir my 'n deur oop en ek wil nou dit vra: Dit is
108	die uitdaging wat Christene baie keer beleef. Ons bely hierdie
109	waardes ons erken hierdie waardes, nou's my vraag, leef ons dit 100 %?
110	PP: Nee!
111	CM :Brei bietjie uit PP.
112	PP Sjoie hmmn. Ons weet wat ons behoort te doen,
113	CM: Ja?...
114	PP...maar ons doen dit nie altyd nie. Ek praat nou maar van myself.
115	CM :Ok, ek gaan nou vir die ander ouens vra...
116	PP: Laat ...laat jy besef o sjoie hier moes ek dit darem gedoen het of
117	daar kon ek iemand gehelp het of so en dan het jy miskien verby gery
118	...nie ...nie miskien doelbewus of beplan nie, maar as jy nou agterna
119	dink ... dan dink jy miskien was ek bietjie hard op myself ?
120	MP: Ons raak vasgevang in dit van elke dag en vasgevang in hoe
121	mense rondom ons leef in gejaagdheid en in ander se gewoontes. Dit
123	is asof dit afsmeer op 'n mens en dan doen jy later maar dieselfde, jy
124	doen netso terwyl jy heeltyd weet jy moenie en dan begin 'n mens in
125	hierdie "rut" verval van "ja maar daar was nie genoeg tyd nie", ek het nie
126	tyd gehad om te dink nie, of ek is te moeg of jy weet ...sulke soort van
127	goeden dit is... dit is regtig verkeerd. Soos PP sê as jy dan later
128	daaroor dink dan besef jy maar jy moes dit anders gedoen het.
129	MN :...en dit wat dit partykeer veroorsaak is as jy nie 'n lekker dag
130	gehad het nie en...jy het sê nou maar hard gewerk en jy probeer altyd
131	almal help en almal bel jou altyd en jy probeer altyd help en dan raak jy
132	naderhand so dat jy jou waardes wil verloor (ha ha) Ek weet nie hoe
133	om dit te beskryf nie, dis net ek het nou genoeg gehad en ek kan jou
134	nie nou meer help nie.
135	CM: Ja ?...
136	MN: Dan raak jy half ongeskik, maar jy bedoel dit nie, maar jy
137	bedoel dit nie ongeskik nie, is net jy moet een of andertyd jou voet
138	neersit. Anders vat hulle e...e.."advantage" van jou.
138	CM: Dis reg.
140	PP: Hmmn.
141	MT: Ek wil veral met MP saamstem hmmn... ek dink die samelewing

142	waarin 'n mens leef...die Christene is maar eindlik in die minderheid
143	en...en ons pas nie in nie en die wêreld druk ons die heelyd
144	in 'n ander rigting in as waarin ons glo en as wat die waardes is waarin
145	jy glo ...huh so op die ou einde as jy jou waardes wil uitleef gaan jy nie
146	inpas nie. Dit is tog belangrik dat jy teen die stroom gaan voortgaan
147	hmmn... so in die proses gaan jy soms van jou waardes buig of net
148	agterweë laat hmmn... sonder dat 'n mens dit eers agterkom. Ons het
149	nou-nou gepraat van dat die Woord van God of die Naam van God
150	misbruik word, maar ons as Christene... dis dis teen ons waardes, ons
151	doen niks daaromtrent nie !
152	LB: Ja... want ons word noodwendig dan in die spulwerk geplaas.
153	CM: Yes?
154	LB:... want want jare terug het almal gedink soos wat ons dink, wat is
155	die regte ding om te doen . Nou is dit nie meer nie en as ons nou
156	opstaan vir dit wat ons weet wat reg is dan word ons uitgelag en word
157	daar van ons 'n bespotting gemaak. Ek sien dit byvoorbeeld by die
158	skool met BB ook. Ek meen daar is 'n definitiewe groep kinders
159	by die skool wat die "cool" kinders by die skool is, maar BB wil nie
160	deel wees daarvan nie, want sy wil nie, want sy besef daar's 'n groot
161	verskil van wat hulle glo en lewe by hulle huise en wat ons, ons kinders
162	leer.
163	CM :So op so 'n jong ouderdom het sy klaar daai...
164	Lara: Absoluut absoluut!
165	MN: Die ding is, dit is net meer om jou uit te buit as hulle sien dit pla jou.
166	LB: Ja..ja ..ja.
167	DP :In ...in lyn daarmee is daar selfs slagspreuke wat sê " Nice guys
168	don't win". Terwyl dit lynreg teen die Christen se beginsels is. "Nice guys"
169	het eindlik klaar gewen voor hulle nog begin het so...ek...huh.
170	CM: Kan ek vir julle vra die feit dat ons hierdie ding weet, van wat
171	die ideaal is, die waardes wat ons koester en in die praktyk nie daarby
172	uitkom nie, ek sê nie altyd nie, daai gaping noem ons 'n dissonans, 'n
173	spanning wat ons daar beleef. Hoe... wat maak daai spanning met ons
174	as gelowiges hoe voel 'n ou oor daai spanning in ons lewe ? Verstaan
175	julle wat ek daarmee bedoel nê ?
176	DP: Ja...
177	MT: Ek dink dit kan 'n mens skuldig laat voel hmmn ... Want jy weet
178	wie jy werklik wil wees. Hmmn jy kan dit nie altyd toepas nie en hmmn dit
179	is veral omdat ons streef om ons verhouding met die Here suiwer te
180	hou hmmn kan dit daai skuldgevoel by jou wek, 'n gevoel van misluk-
181	king ja..ja.
182	DP: Ja dit kan sover gaan dat dit tot moedeloosheid lei geloofs-
183	moedeloosheid wat jou rêrigwaar laat voel : Wat help dit om te
184	probeer?
185	CM :Ja dis reg...MP ?
186	MP: Nee weet jy ek dink nou, vir myself, spesifiek hoe meer ek te
187	doen gehad het met die dinge van die Here en hoe meer ek in 'n veld
188	gewerk het waar dit die..die doelwit van almal was hoe meer rusteloos
189	het ek geword omdat ek net besef het ek is besig om een ding te doen

190	maar dis asof ek huistoe gaan en iets anders gaan doen, omdat ek
191	weer terugbeweeg het in die gewone wêreld daar buite. Dit het soveel
192	onrus in my veroorsaak dat ek by die punt gekom het -dit is nie die
193	enigste rede- maar, dat ek besluit het om amper die wêreld te maak
194	stop en uitklim en eers al hierdie goed weer in plek kry voordat ek
195	regtig kan aangaan met werk . En Hmm gelukkig dink ek is ek in die
196	posissie om dit te kan doen. Ons kou harde bene partykeer maar ten
197	spyte daarvan kan ek getuig is ons baie meer gelukkig as die
198	ouens wat nie in die bevoorregte posisie is om..om dit te kan doen
199	nie. DP se salaris is gelukkig van so 'n aard dat ons daarby kan uitkom,
200	Wat ook baie belangrik is, is dat ek dink weer hierdie wêreld se
201	ding, groepsdruk. Dat 'n mens moet verskriklik baie besluit om ...jy moet
202	altyd een ding kies en doen. Die druk is soms groot.
203	MT: Hmmn dit het dit vir my makliker gemaak om te weet wat's reg. Dit
204	was vir my so belangrik om dit te doen, dat ek geweldig baie moes
205	prysgee en dis nie maklik nie, dis nie maklik nie, maar dit was regtig vir
206	my belangrik genoeg om dit te doen.
207	CM: Is die dwarslat in die Bybel te hoog gestel, die waardes wat daar
208	genoem word, is dit buite ons bereik ?
209	L-MN: Nee ek dink nie so nie. Want daar in die Bybel staan daar ek
210	wens ek kon sê presies waar- dat die Here gaan nie enige iets met
211	jou... met jou laat gebeur of in die wêreld om jou laat gebeur of in jou
213	nie en Hy gaan ook nie vir jou bo jou vermoë versoek nie.
214	LB : Ek meen wat's die doel dan daarvan ?
215	L-MN :Presies. So ek glo vas dat hmnn.. nee. Ek het agtergekom in my
216	lewe nou om terug te kom gou na die vraag wat nou net gevra is
217	Hmnn hierdie tussenfase waarvan jy nou net gepraat het...RG
218	CM: Hmmn Hoe voel jy?...
219	L-MN: Dit maak my baie hartseer, want hoe nader ek aan die Here kom
220	hoe minder vriende het ek...en kom ek agter dat die vriende wat ek
221	gehad het eindelijk nooit my vriende was nie. Maar in dieselfde tyd
222	maak dit my baie opgewonde omrede ek baat daarby. Hmnn nie
223	noodwendig voel ek altyd nou hierdie "great" mens nie, nie dat ek dink
224	dit gaan daaroor nie, maar ek baat daarby ek kan dit sien. Ek kan dit
225	voel in my verhouding tot my man, met die Here, met my mense om
226	my op die ou end van die dag en selfs met die mense wat baie
227	ongelowig is en uitgesproke ongelowig is. Soos selfs my werk en ek
228	voel die Here los mens nie, net ...hoe nader jy kom om hmnn Sy
229	wette te gehoorsaam hoe meer raak jy vry en dan word ek net meer
230	opgewonde want dis "worth it".
231	DP: Hmmn... En dis ook maar 'n geval- ek wil graag daarby aansluit-
232	dis ook maar 'n geval van oefening, dat jy raak geoefen om
233	byvoorbeeld sekere goed op te hou doen wat jy weet verkeerd is.
234	L-MN :En hoe meer jy oefen daaroor....
235	MN: Dis die Duiwel wat jou die heelyd bewusmaak dat die wêreld
236	daar buite is en dis lekker dis lekker en dis lekker...
237	LB: Ja ek dink wat vir my nogal....
238	MN.... en dat hy jou eindelijk wil laat vergeet probeer laat vergeet

239	wat jou waardes is.
240	LB: Hy doen dit beslis. Dit is sy doelwit, poging om jou weg te trek,
241	want hoe nader jy aan die Here beweeg hoe...hoe... meer veller
242	gaan sy aanslag wees om jou daarvan weg te hou. Totdat ek dink hy
243	op 'n punt kom wat hy besef maar ag hoor hier... Dit help nie want
244	hierdie "girl" gaan nie... gaan nie terugkom aarde toe nie. Ek dink wat vir
245	my nogal belangrik is, wat jy nou gesê het L-MN, is dat jou vriende
246	behoort te verstaan, hoe meer jy wil hê hoe meer jy wil doen wat
247	die Here wil hê jy moet doen, hoe meer skaar jy jou by mense
248	wat soos jy dink. En jou vriendekring word naderhand mense wat
249	soos jy dink hmm in 'n mate kan mense van buite-af sê dis dalk 'n
250	klied wat jy vorm want jy kan nie die buitewêreld daar buite "face" nie
250	maar ek sien dit anders ek sien dit rereg as gemeenskap van
252	gelowiges van ouens wat soos ek voel.
253	PP: Hmm jy meen soort soek soort.
254	DP: Daai gedeelde waarde.
255	LB: Ja absoluut en ek dink ek dink die Here oortuig 'n mens deur
256	jou vriende ook van goed wat reg of wat verkeerd is. Hy stuur vir jou
257	iets om jou by te staan Hy wil nie hê jy moet sukkel nie en daarom
258	gaan Hy vir jou mense stuur wat die moeitewerd is, wat "lifelong"
259	vriende is. Wat soos jy dink.
260	MP: Dit is 'n persepsie wat mense het dat jou vriende is mense
261	van jou ouderdom en ek het ontdek dat dit glad nie so is nie.
262	CM: Sê julle dit. ..OK dat dit vriende is wat dieselfde waardes het ?
263	Groep: Ja grootendeels, mense met dieselfde waardes ongeag.
264	MN: Of jy kan mense raaksien wat daai waardes.....
265	LB: OK maar ek wil vir julle 'n ander ding sê. Ek ken mense wat baie
266	goeie morele waardes het maar wat glad nie Christene is nie.
267	L-MN: Ja.
268	CM: Kan hulle jou vriende wees ?
269	LB: Hulle is my familie!
270	Groep: Lag lekker.
271	CM: Jy kon nie kies nie !
272	LB: Weet jy CM ek wil nou vir jou sê dis... dis dis vir my 'n groot
273	probleem. Want hmmm in moeilike omstandighede is ons
274	verwysingsraamwerk nie dieselfde nie. Ek kan nie na haar toe gaan en
275	vir haar sê hoor hier, hou moed punt, ek bid vir jou nie. Die Here sal na
276	jou kyk, moenie moed verloor nie, want haar verwysingsraamwerk is
278	nie daar nie. Haar waardes is "fine" sy is 'n goeie mens sy handhaaf
279	moreel sedelik alles mooi "nice" oulik, maar daar is nie daardie
280	"connection" nie, wat ek voel by voorbeel met MT dit voel of
281	MP of wie ookal hier, wat ek kan sê moenie "worry" nie die Here
282	kyk na jou. Dan dan sit jy jouself eindlik uit op 'n ding wanneer jy vir
283	daardie persoon wil sê; "hoor hier maar ek bid vir jou en jou situasie"
284	en dan hoor jy dit word so stil aan die anderkant en dan dink jy; "o
285	goodness" wat het ek nou gesê, want jy weet jy moet !
286	Groep: Ja.
287	CM: Laaste vraag wat ek vir julle wil vra, as ons bewus raak van

288	hierdie dissonans hierdie gaping tussen waar ek moet wees en wat ek
289	tans doen. Hoe gaan 'n Christen daai ding kan oorkom kan regmaak,
290	kan oorbrug kan aanspreek, wat is die gereedskap wat ons het?
291	L-MN: Ek het as ek vinning moet sê agtergekom in die afgelope
292	baie vinnige kort tydjie hmmm hoe meer jy bid hoe meer jy rerig een
293	tot een met God kom hmmm dan begin alles half ek weet nie hoe om
294	dit te verduidelik nie oopval. Dit maak... dit is nie noodwendig altyd
295	makliker nie maar dis asof dit ..ja dit is makliker... weet nie hoe om te
296	verduidelik nie. Dinge kom vanself. Jy't moed en krag vir dinge wat
297	voorel hmmm dis asof enige iets, maar kan kom.
298	MN: Dit gee jou meer hoop.
299	CM: Ek wil net gou by gebed vashaak wat leer jy in gebed of wie leer jy
300	met gebed die beste ken ?
301	L-MN: Ek dink tot 'n groot mate myself, maar definitief die Here.
302	CM: Dis die twee partye, so jy leer nie net van die Here nie, jy leer van
303	jouself ook.
304	L-MN: Dis 'n gesprek ! Hmmm wat ek agtergekom het waarmee ek baie
305	gesukkel het en ek erken ek sukkel nogsteeds daarmee maar vandat
306	ek...daarom sê ek daai een tot een dis 'n gesprek tussen my en God
307	en ek het altyd net gebed, maar nou bid ek en bly 'n bietjie stil sodat
308	Hy met my kan praat ook en dis "amazing".
309	DP : Ja dis waar.
310	LB : Jy sien want gebed is nie net 'n beperkende ding in terme van,
311	ek moet dit nou vandag doen want dit ...dit word van my verwag
312	byvoorbeeld nie. Dit dit is 'n kwessie van jy wil dit doen. Ek praat tog
313	elke dag met my man oor belangrike goed en dis half vir my dieselfde
314	tipe ding. Want as jy nie elke dag by die Here uitkom nie gaan jy nooit
315	weet waar lê die grense nie.... tussen wanneer is 'n ding "wêrelds" en
316	wanneer nie.
317	DP: Om terug te kom na die gaping toe daai beeld van die kruis is
318	vir my presies dit. Dat Jesus vir my daai gaping oorbrug. Dit is vir my
319	miskien in 'n teologiese sin die antwoord op daai vraag. Hoe kry ek
320	daai gaping.... ek alleen kan dit nie kan dit glad nie oorbrug nie, want
321	saam met Paulus sê ek die goeie wat ek wil doen dit doen ek nie,
322	maar deur... deur Jesus is daai brug die kruis en wallah ! Dan kry ek
323	dit soms reg !
324	CM :Ja ! lag.
325	DP : Byna altyd !
326	MP: Die ander ding wat vir my baie duidelik uitgestaan het toe
327	ons begin vassit by die kerk oor allerhande ander goed hmmm
328	soos ek sê ek het die onrustigheid heeltyd ervaar en 'n ding wat baie
329	duidelik uitgekome het is hoekom is jy onrustig ?...dit gaan oor
330	waardes. Waar kom jou waardes vandaan ? ...en elke keer het dit
331	baie duidelik uitgekome: Gaan terug na dit wat jy geleer het. Bly by dit
332	wat dit wat jy geleer het. Dit is 'n voorreg wat 'n mens het om te kon
333	leer my... my ouers wat Christene is en wat vir jou die norme gestel het
334	daai waardesisteme vir jou gegee het. Al wat jy moet doen is om
335	daarby te bly ! Want dit is so eenvoudig deur al die jare gewees. Toe

336	ek 'n kind was toe hulle kinders was en vir my kinders en hulle
337	kinders.
338	DP: Nou dat sy dit sê huh ek dinkonthou van wie jy dit geleer
339	Het. Jou Pa en Ma skryf dit graag voor. Ek onthou so goed toe my
340	Ma toe ek baie klein was vir my probeer maniere leer deur vir my te sê:
341	"My kind selfs al eet jy alleen moet jy nog tafelmaniere hê".
342	Groep: Lag.
343	DP: Dit het my nogal baie getref dat... dat ek dit selfs dit moet doen al is
344	ek stoksiel alleen. As ek nou terugdink, dan dink ek werklik dat ek
345	verstaan vandag so 'n bietjie meer van dit.
346	CM : Dis waardes, want ten diepste dink ek DP het jy dit aan die
347	begin van die gesprek gesê dis daai onderlinge verband tussen jou en
348	ander mense. Maar dit begin waar jy alleen is, as dit nie daar is nie
349	dan kan dit nie...
350	LB: Weet jy as daar een ding is wat ek daarvoor wil sê wat ek geleer
351	het, die laaste ruk en afgelope ruk is dat daar geen "compro-
352	mising" is nie, dat as dit is wat jy glo, dan is dit wat jy moet doen.
353	Dan is daar nie kortpaadjies nie, daar is nie afdraaipaadjies nie daar is
354	nie verskoning soek nie. Ons moet maar maak soos wat die advertensie
355	sê: "Doen dit net."
356	CM: Dit is die oefening waarna DP vroeër verwys het.
357	MT: Ek wil ook net sê ...ek is ook baie onder die indruk dat ons
358	stryd is nie teen vlees en bloed nie, maar die bese geeste in die lug.
359	Daagliks word ons gefrustreer deur mense wat nie dieselfde waardes
360	as jy het nie, of dat jy in 'n blik gedruk voel en alles. Hmm en om daai
361	dissonans van weerloosheid of frustrasie te ervaar...as jy net weer
362	terugkom en besef maar dit gaan die oor die persoon langs jou nie dit
363	gaan oor jou dit gaan oor...ons is in 'n wêreld vol versoeking en... en
364	daai stryd en dit te oorwin deur gebed.
365	CM: Is daar iets anders behalwe gebed of Christus wat ons help wat
366	julle prakties ook aan kan dink as Christene.
367	MT: LB het dit baie goed gesê toe sy verwys het na die gemeenskap
368	van gelowiges.
369	CM :OK?
370	LB: Dit beteken vir my baie...dat jy dat jy vriende het wat jou altyd
371	kan help en nie bang is om dit te doen nie ! Dat jy die eerlikheid
372	tussen mekaar kan hê om vir mekaar te kan sê "weet jy wat jy nou
373	gedoen het is nie reg nie". Want mense doen nie dit meer deesdae
374	nie. Mense trap trapsuutjievoetjie om ouens wat verkeerde goeters
375	doen. Mense word nie aangespreek oor goed wat hulle verkeerd doen
376	nie nie, want hulle is te bang die verhouding word vertroebel of wat
377	ookal. Maar as jy in 'n vriendskapsverhouding staan wat partymaal
378	hegter as familie kan wees waar die volgende ou vir ander ou kan sê :
379	" maar hoor hier...jy maak nie reg nie "watch it" ja." Ek kyk vir jou"... dan
380	doen 'n mens nie... dan strew jy nie jou waardes na oor die
381	volgende ou vir jou gesê het "trap in jou spoor nie", maar omdat jy
382	weet dit is eindlik die regte ding om te doen.
383	CM Baie dankie...dis dit !

BIBLIOGRAFIE

Alvesson, M. & Sköldbberg, K. (2000). *Reflexive Methodology. New Vistas for Qualitative Research*. London: SAGE Publications.

Barlund, D.C. (1970). *A transactional model of communication*. In K.K Serano and C.D Mortensen (eds.). *Foundation of Communications Theory*. New York: Harper & Row.

Barton, T. Borrini-Feyerabend, G. de Sgerbinin, A. & Warren, P. (1997). *Issues in Social Policy*. Verhaal Augustus 21, 2003, van <http://www.iucn.org/themes/spg/opor/opor3.2.html>

Bennett deMarais, K. (1998). *Qualitative Research: Learning through experience*. Mahwah, NJ: Lawrence Erlbaum Associates.

Bogdan, R.C & Biklen, S.K. (1998). *Qualitative research in education: An Introduction to Theory and Methods*. (3rd ed.) Needham Heights, MA: Allyn & Bacon.

Burger, C. (1995). *Gemeentes in Transito. Vernuwingsgeleentehede in 'n oorgangstyd*. Kaapstad: Lux Verbi

Bybel Die. (1983). Kaapstad: Die Bybelgenootskap van Suid Afrika.

Cartwright, D.S. (1974). *Introduction to Personality*. Chicago: Rand McNally College Publishing Company.

Cashman, K. (2000). *Leadership from the inside out*. Provo: Executive Excellence Publishing.

Clemmer, J. & Mc Neil, A. (1989). *Leadership skills for every Manager*. London: Judy Piatkus (Publishers).

Covey, S. (1992). *Principle Centered Leadership*. London: Simon & Schuster.

Covey, S. (1994). *Seven Habits of Highly effective People*. London: Simon & Schuster.

Denzin. & Lincoln. (1998). *In: Smith, D.P.J. Navorsingsmetodologie. Kwalitatiewe Navorsing*. Johannesburg: RAU.

De Vos, A.S. (Redakteur).

(2002). *Research at Grassroots: Primer for the Caring Professions*. Pretoria: Van Schaik.

Ellis, A. (1971). *Growth through reason. Verbatim cases in Rational Emotive Therapy*. Palo Alto California: Science & Behaviour Books.

Ellis, A. (2002). *In: Smith. D.P.J. Uitdeeltuk Persoonlike Leierskap*. Johannesburg. RAU.

Fasse, B.B. & Kolodner, J.L. (2002). *Evaluating Classroom Practices Using Qualitative Research Methods: Defining and Refining the Process*. Verhaal Augustus 21, 2003, van

(<http://www.cc.gatech.edu/projects/lbd/htmlpubs/evalclassprac.html>).

Glasser, W. (1998). *Choice Theory*. New York: Harper Perennial.

Grosheide, F.W. & Van Itterzon, G.P. (Redaksie)(1961). *Christelike Encyclopedie*. Kampen: J.H. Kok.

Hafen, B.Q. Karren, K.J. Frandsen, K.J. Smith, N.L. (1996). *Mind/Body Health. The Effects of Attitudes, Emotions and Relationships*. Boston: Allyn and Bacon.

Hattingh, L. (1991) *Proefskrif. 'n Teorie van waardes*. Johannesburg: RAU.

Heyns, J.A. (1982). *Teologiese Etiek*. Pretoria: NG Kerk Boekhandel Transvaal.

Kidder, R.M. (1995). *How Good People make Tough Choices*. New York: Simon & Schuster.

Knaus, W. (1997). *Change your Life now*. New York: John Wiley & Sons.

König, A. (2003). *Ek glo die Bybel - ondanks al die vrae*. Wellington: Lux Verbi BM.

Maxwell, J. (1997). *It's just a Thought*. Tulsa Oklahoma: Honor Books Inc.

McGraw, P. (1999). *Life's Strategies*. London: Vermillion.

Merriam, S.B. (1998). *Qualitative Research and Case Study Applications in Education*. San Francisco: Jossey-Bass Publishers.

Merriam, S.B. (2002). *Qualitative Research in Practice: Examples for discussion and analysis*. San Francisco: Jossey-Bass Publishers.

Millar, G. & Dingwall, R. (1997). *Context & Method in Qualitative Research*. London: SAGE Publications.

Mouton, J. & Marais, H.C. (1985). *Metodologie van die Geesteswetenskappe. Basiese begrippe*. Pretoria: R.G.N.

Mouton, J. (2001). *How to succeed in your Master's & Doctoral Studies: A South African guide and resource book*. Pretoria: Van Schaik Publishers.

Mouton, J. (1996). *Understanding social research*. Pretoria: JL van Schaik Publishers

Mugo, F.W. (g.d). *Sampling in Research*. Verhaal September 16, 2003, van

<http://trochim.human.cornell.edu/tutorial/mugo/tutorial.htm>

Murdoch, N. (2002). *University lecturer's experiences of the self-evaluation of their academic programmes*. Johannesburg. RAU.

Nel, A. (2003). *Opsoek na God buite die kerk ?* Wellington. Lux Verbi BM.

Odendaal, F.F. Schoonees, P.C. Swanepoel, C.J. DuToit, S.J. Booysen, C.M. (1994). *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*. Midrand:Perskor.

Severin, W.J. & Tankard, J.W. (1992). *Communication Theories: Origins, Methods, And Uses In The Mass Media*. New York: Longman.

Silverman, D. (2001). *Interpreting qualitative data: Methods for analysing talk text and interaction*. London: Sage

Smith, D.P.J. (2002). *Navorsingsmetodologie. Kwalitatiewe Navorsing*. Johannesburg: RAU.

Smith, D.P.J. (1995). *Research design and the structure of chapter one of a script, dissertation or thesis. A monograph*. Johannesburg: Randse Afrikaanse Universiteit.

Smith. D.P.J. (2000). *Studiehandleiding PPL-Kursus*. Johannesburg"Randse Afrikaanse Universiteit.

Smith, H. (2001). *What matters most*. London : Simon & Schuster.

Smith, J.B. (1989). *Operasionalisering in die Opvoedkunde*. Johannesburg: RAU.

Stoker, H. (1961). *Beginnels en Metodes in die Wetenskap*. Potchefstroom: Pro Rege Pers Bpk.

Tesch, R.(1990). *Qualitative research: Analysis Types and Software Tools*. New York: Falmer Press.

Thompson, B. (Red.) (1994). *Advances in Social Science Methodology*, Volume3, pages141-163. JAI Press.

Trochim, W.M.K. (2002). *Philosophy of Research*. Verhaal September 16, 2003, van

<http://trochim.human.cornell.edu/kb/positivsm.htm>

Van der Merwe, A. (1999). *Geluk en Gesondheid. Gebalanseerde gebenesing vir liggaam siel en verstand*. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers Bpk.

Warren,R (2002) *Purpose driven life*. Grand Rapids: Sondervan.

Zohar, D. & Marshall, I. (2000). *Spiritual Intelligence. Ultimate Intelligence*.

London: Bloomsbury Publishing Plc.



UNIVERSITY
JOHANNESBURG

